"versekeraar" 'n persoon gelisensieer om kragtens hierdie Wet besigheid te dryf, en sluit in, tensy hierdie Wet spesifiek daarvoor voorsiening maak, Lloyd's, 'n Lloyd's-onderskrywer en 'n herversekeraar;

"versekeraar in staatsbesit" 'n maatskappy in staatsbesit wat versekeringsbesigheid dryf ('n openbare entiteit onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999));

"versekerde lewe" die persoon op wie 'n sterfte-, ongeskiktheids-, gesondheids- of lewensgebeurtenis onder 'n versekeringspolis betrekking het, welke persoon die polishouer kan wees of nie kan wees nie;

"versekeringsbesigheid" lewensversekeringsbesigheid of nielewensversekeringsbesigheid in die Republiek gedryf of beskou as in die Republiek gedryf te wees, en ook herversekeringsbesigheid;

"versekeringsgroep" die groep entiteite kragtens artikel 10 deur die Voorsorgowerheid aangewys;

"significant owner" has the meaning as defined in section 1 of the Financial Sector Regulation Act;

"state-owned insurer" means a state-owned company that conducts insurance business and is a public entity subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

"strategy", for the purposes of sections 29 and 52, means a recapitalisation strategy referred to in section 39;

"third party risks" means, in respect of a cell captive insurer, risks other than first party risks;

"this Act" includes any Prudential Standard or Regulation prescribed or made in terms of this Act;

"transformation of the insurance sector" means transformation as envisaged by the Financial Sector Code for Broad-Based Black Economic Empowerment issued in terms of section 9(1) of the Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003 (Act No. 53 of 2003);

"Tribunal" has the meaning as defined in the Financial Sector Regulation Act; and

"winding-up" has the meaning as defined in the Financial Sector Regulation Act.

(2) In this Act, unless the context indicates otherwise, a word or expression derived from, or that is another grammatical form of, a word or expression defined in this Act has a corresponding meaning.

General interpretation of Act

2. (1) This Act must be interpreted and applied in a manner that—

(a) gives effect to the objective of this Act set out in section 3; and

(b) facilitates compliance with the principles referred to in section 4.

(2) When interpreting, applying or complying with this Act, a court, the Prudential Authority or any other person may, to the extent practicable and with due consideration to the South African context, consider relevant international standards relating to insurance regulation and supervision.

(3) *(a)* If there is an inconsistency between any provision of this Act, other than a Prudential Standard or Regulation made under this Act, and a provision of any other legislation that—

(i) provides for the regulation of insurance business; or

(ii) affects or impedes the appropriate operation or implementation of a provision of this Act,

the provision of this Act prevails, unless that other legislation by explicit reference, and not merely by reference to other legislation in general, provides that the other legislation applies in the event of a conflict.

(b) Subject to paragraph *(a)*, this Act applies concurrently with and in addition to the Companies Act and the Co-operatives Act unless specifically provided for otherwise in this Act.

(c) Paragraph *(a)* does not apply—

(i) to the Financial Sector Regulation Act; and

(ii) to the Financial Intelligence Centre Act, 2001 (Act No. 38 of 2001).

(4) Despite any other law, if other legislation confers a power on or imposes a duty upon another organ of state—

(a) in respect of a matter regulated under this Act or the regulation of insurance business; or

(b) that affects or impacts on the appropriate exercise of powers and the performance of duties under this Act by the Prudential Authority,

that power or duty must be exercised or performed in consultation with the Prudential Authority, and any decision taken in accordance with that power or duty must be taken with the concurrence of the Prudential Authority, irrespective of when that other legislation was enacted, unless that other legislation by explicit reference, and not merely by reference to other legislation in general, provides that such concurrence is not required.

(5) Any reference to ''company'', ''holding company'', ''non-profit company'', ''profit company'', ''public company'', ''state-owned company'' or ''subsidiary'' means a reference to a company, holding company, non-profit company, profit company, public company, state-owned company or subsidiary, as the case may be, as defined in the Companies Act.

"versekeringspolis" 'n lewensversekeringspolis of 'n nielewensversekeringspolis;

"versekeringsverbintenisse" alle verbintenisse (behalwe die verbintenisse van die polishouer), hetsy daardie verbintenisse 'n verbintenis daarstel om een of meer somme geld te betaal, dienste te lewer of enige ander verbintenisse na te kom, kragtens of na aanleiding van versekeringspolisse en, ten opsigte van lewensversekeringspolisse, ook enige waarborge en kenmerke van diskresionêre deelname;

"verwant" dit wat in artikel 1 van die Maatskappywet daaraan toegeskryf is;

"voorgeskryf" deur die Voorsorgowerheid voorgeskryf volgens Voorsorgstandaarde;

"Voorsorgowerheid" die ''Prudential Authority'' soos in die ''Financial Sector Regulation Act'' omskryf;

"Voorsorgstandaard" 'n standaard ingevolge artikel 63 deur die Voorsorgowerheid voorgeskryf; en

"Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse)" die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001).

(2) In hierdie Wet, tensy anders uit die samehang blyk, het 'n woord of uitdrukking ontleen aan, of wat 'n grammatikale weergawe van 'n woord of uitdrukking in hierdie Wet omskryf, is, 'n ooreenstemmende betekenis.

Algemene uitleg van Wet

2. (1) Hierdie Wet moet uitgelê en toegepas word op 'n wyse wat—

(a) gevolg gee aan die oogmerk van hierdie Wet soos in artikel 3 uiteengesit;

(b) voldoening aan die beginsels in artikel 4 bedoel, vergemaklik.

(2) By uitleg van, toepassing van, of voldoening aan hierdie Wet, kan 'n hof, die Voorsorgowerheid of enige ander persoon, sover moontlik en met behoorlike inagneming van die Suid-Afrikaanse konteks, tersaaklike internasionale standaarde aangaande versekeringsregulering en -toesig oorweeg.

(3) *(a)* Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen enige bepaling van hierdie Wet, behalwe 'n Voorsorgstandaard of Regulasie kragtens hierdie Wet gemaak, en 'n bepaling van enige ander wetgewing wat—

(i) vir die regulering van versekeringsbesigheid voorsiening maak; of

(ii) die gepaste bedryf of inwerkingstelling van 'n bepaling van hierdie Wet raak of belemmer,

geniet hierdie Wet se bepaling voorkeur, tensy daardie ander wetgewing deur uitdruklike verwysing, en nie bloot deur verwysing na ander wetgewing oor die algemeen nie, bepaal dat ander wetgewing in die geval van 'n geskil geld.

(b) Behoudens paragraaf *(a)*, is hierdie Wet van toepassing saam met en bo en behalwe die Maatskappywet en die ''Co-operatives Act'', tensy hierdie Wet uitdruklik anders bepaal.

(c) Paragraaf *(a)* is nie van toepassing nie—

(i) op die ''Financial Sector Regulation Act''; en

(ii) op die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001).

(4) Ondanks enige ander wet, indien ander wetgewing 'n bevoegdheid verleen aan of 'n plig oplê aan 'n ander staatsorgaan—

(a) ten opsigte van 'n aangeleentheid kragtens hierdie Wet gereguleer of die regulering van versekeringsbesigheid; of

(b) wat die gepaste uitoefening van bevoegdhede en die verrigting van pligte kragtens hierdie Wet deur die Voorsorgowerheid, raak of 'n invloed daarop het,

moet daardie bevoegdheid of plig in oorleg met die Voorsorgowerheid uitgevoer of verrig word, en enige besluit wat ooreenkomstig daardie bevoegdheid of plig geneem word, moet met die instemming van die Voorsorgowerheid geneem word, ongeag van wanneer daardie ander wetgewing in werking gestel is, tensy daardie ander wetgewing deur uitdruklike verwysing, en nie bloot by verwysing na ander wetgewing oor die algemeen nie, bepaal dat sodanige instemming nie vereis word nie.

(5) Enige verwysing na ''maatskappy'', ''beherende maatskappy'', ''maatskappy sonder winsbejag'', ''maatskappy met winsbejag'', ''openbare maatskappy'', ''maatskappy in staatsbesit'' of ''filiaal'' is 'n verwysing na 'n maatskappy, beherende maatskappy, maatskappy sonder winsbejag, maatskappy met winsbejag, openbare maatskappy, maatskappy in staatsbesit of filiaal, na gelang van die geval, soos in die Maatskappywet omskryf.

(6) *(a)* The Companies Act applies to any insurer (other than a branch of a foreign reinsurer, Lloyd's underwriter or Lloyd's) or a controlling company that is not a public company, to the extent that the Companies Act—

(i) can apply to it; and

(ii) applies to a public company.

(b) Paragraph *(a)* must not be interpreted as requiring an insurer or a controlling company that is not a public company to submit information to the Commission or Commissioner (as defined in the Companies Act) that a public company is required to submit to the Commission or Commissioner under the Companies Act.

(7) If, in terms of this Act, information or a document is required to be publicly available, published, disclosed, produced or provided, it is sufficient if—

(a) an electronic original or a reproduction thereof is published, disclosed, produced or provided by electronic communication in a manner and form such that the information or document can conveniently be printed by the recipient within a reasonable time and at a reasonable cost; or

(b) a notice of the availability of that information or document, summarising its content and satisfying any prescribed requirements, is delivered to each intended recipient thereof, together with instructions for receiving the complete information or document.

Objective of Act

3. The objective of this Act is to, in a manner consistent with the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, promote the maintenance of a fair, safe and stable insurance market for the benefit and protection of policyholders, by establishing a legal framework for the prudential regulation and supervision of insurers and insurance groups that—

(a) facilitates the monitoring and the preservation of the safety and soundness of insurers;

(b) enhances the protection of policyholders and potential policyholders;

(c) increases access to insurance for all South Africans;

(d) promotes broad-based transformation of the insurance sector; and

(e) contributes to the stability of the financial system in general.

CHAPTER 2

CONDUCTING INSURANCE BUSINESS AND INSURANCE GROUP BUSINESS

Part 1

General principles for conducting insurance business or insurance group business

Principles

4. An insurer and a controlling company must, at all times—

(a) conduct its business with integrity;

(b) conduct its business with due skill, care and diligence;

(c) act in a prudent manner;

(d) organise and control its affairs responsibly and effectively; and

(e) deal with the Prudential Authority in an open and cooperative way.

Part 2

Insurance business and other business of insurers

Insurance business and limitations on other business

5. (1) No person may conduct insurance business in the Republic unless that person is licensed under this Act.

(6) *(a)* Die Maatskappywet is van toepassing op enige versekeraar (behalwe 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's) of 'n beheermaatskappy wat nie 'n openbare maatskappy is nie, tot die mate wat die Maatskappywet—

(i) daarop van toepassing kan wees; en

(ii) op 'n openbare maatskappy van toepassing is.

(b) Paragraaf *(a)* moet nie uitgelê word dat dit vereis dat 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy wat nie 'n openbare maatskappy is nie, inligting aan die Kommissie of Kommissaris (soos in die Maatskappywet omskryf) voorlê wat 'n openbare maatskappy kragtens die Maatskappywet aan die Kommissie of Kommissaris moet voorlê nie.

(7) Indien inligting of 'n dokument ingevolge hierdie Wet publiek beskikbaar moet wees, gepubliseer, openbaar gemaak, verstrek of verskaf moet word, is dit voldoende indien—

(a) 'n elektroniese oorspronklike of 'n reproduksie daarvan gepubliseer, openbaar gemaak, verstrek of verskaf word deur elektroniese kommunikasie op so 'n wyse en vorm dat die inligting of dokument gerieflik binne 'n redelike tyd en teen 'n redelike koste deur die ontvanger gedruk kan word; of

(b) 'n kennisgewing van die beskikbaarheid van daardie inligting of dokument, wat sy inhoud opsom en aan enige voorgeskrewe vereistes voldoen, aan elke bedoelde ontvanger daarvan gelewer word, saam met instruksies vir die ontvangs van die volledige inligting of dokument.

Oogmerk van Wet

3. Die oogmerk van hierdie Wet is om, op 'n wyse wat met die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, bestaanbaar is, die handhawing van 'n regverdige, veilige en stabiele versekeringsmark te bevorder tot voordeel en ter beskerming van polishouers, deur 'n regsraamwerk vir die voorsorgregulering en toesig oor versekeraars en versekeringsgroepe in te stel wat—

(a) die monitering en die instandhouding van die veiligheid en gesondheid van versekeraars vergemaklik;

(b) die beskerming van polishouers en potensiële polishouers verbeter;

(c) toegang tot versekering vir alle Suid-Afrikaners verbeter;

(d) breëbasistransformasie van die versekeringsektor bevorder; en

(e) tot die stabiliteit van die finansiële stelsel in die algemeen bydra.

HOOFSTUK 2

DRYF VAN VERSEKERINGSBESIGHEID EN VERSEKERINGSGROEPBESIGHEID

Deel 1

Algemene beginsels vir dryf van versekeringsbesigheid of versekeringsgroepbesigheid

Beginsels

4. 'n Versekeraar en 'n beheermaatskappy moet, te alle tye—

(a) sy besigheid met integriteit dryf;

(b) sy besigheid met vaardigheid, sorg en toewyding dryf;

(c) verstandig optree;

(d) sy sake verantwoordelik en doeltreffend organiseer en beheer; en

(e) op 'n oop en samewerkende wyse met die Voorsorgowerheid handel.

Deel 2

Versekeringsbesigheid en ander besigheid van versekeraars

Versekeringsbesigheid en beperkings op ander besigheid

5. (1) Geen persoon mag versekeringsbesigheid in die Republiek dryf tensy daardie persoon kragtens hierdie Wet gelisensieer is nie.

(2) A person is regarded as conducting insurance business in the Republic if—

(a) the person conducts business similar to insurance business outside the Republic; and

(b) that person or another person, in relation to the business referred to under paragraph *(a)*, directly or indirectly acts in the Republic on behalf of the first-mentioned person, including, but not limited to, by rendering a financial service within the meaning of the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002 (Act No. 37 of 2002), in respect of that business.

(3) A person to whom an insurer has outsourced a function or activity is not regarded as conducting insurance business.

(4) An insurer may not, without the approval of the Prudential Authority, conduct any business other than insurance business in the Republic, including any insurance business performed on behalf of another person.

(5) An insurer (other than a reinsurer, a branch of a foreign reinsurer, Lloyd's underwriter or Lloyd's) may not, without the approval of the Prudential Authority, conduct any business, including business similar to insurance business, outside the Republic.

(6) The Prudential Authority must only grant an approval referred to under subsection (4) or (5) if the Prudential Authority is satisfied that such business will not—

(a) impede or be likely to impede the financial soundness of the insurer;

(b) negatively impact on the interests of policyholders; or

(c) introduce risks that cannot, to the satisfaction of the Prudential Authority, be appropriately mitigated.

(7) *(a)* Despite any approval under subsection (4) or (5), the Prudential Authority may direct an insurer to cease conducting business referred to in subsection (4) or (5), if the Prudential Authority reasonably believes that the business may—

(i) impede or is likely to impede the financial soundness of the insurer; or

(ii) introduce a risk or risks that cannot be appropriately mitigated.

(b) An insurer who is directed under paragraph *(a)* must, within the period agreed with the Prudential Authority, which period must not exceed three months after a directive referred to in paragraph *(a)* is issued, submit to the Prudential Authority for approval a plan to reorganise its business.

(c) An insurer whose plan was approved under paragraph *(b)* must submit a monthly progress report to the Prudential Authority that sets out the measures taken and the progress made with implementing the plan.

(d) The Prudential Authority may restrict or prohibit certain activities or transactions of the insurer until the plan is implemented.

(8) *(a)* The Prudential Authority may prescribe that, for the purposes of this Act—

(i) certain types, kinds or categories of insurance business are, subject to any requirements prescribed, excluded from the application of this Act; or

(ii) certain types, kinds or categories of business constitute insurance business to which this Act applies.

(b) The Prudential Authority, when making a Prudential Standard under paragraph *(a)*, must have regard to—

(i) any existing Act of Parliament that regulates that business;

(ii) the nature, size, complexity or type of that business;

(iii) the persons that conduct that business;

(iv) the nature or type of any insurance obligations;

(v) the threshold below which it is not possible for a person to effectively retain and manage insurance risk.

(9) No person may, without the approval of the Prudential Authority, apply to that person's business or undertaking a name or description which includes the word ''assure'', ''insure'' or ''underwrite'', or any derivative thereof, unless that person is licensed as an insurer under this Act.

(2) 'n Persoon word geag versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf indien—

(a) die persoon buite die Republiek sake soortgelyk aan versekeringsbesigheid dryf; en

(b) daardie persoon of iemand anders, in verband met die sake kragtens paragraaf *(a)* bedoel, regstreeks of onregstreeks namens die eersgenoemde persoon in die Republiek optree, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, deur 'n finansiële diens te lewer binne die betekenis van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), ten opsigte van daardie besigheid.

(3) 'n Persoon aan wie 'n versekeraar 'n werksaamheid of aktiwiteit uitbestee het, word nie geag versekeringsbesigheid te dryf nie.

(4) 'n Versekeraar mag nie, sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid, enige besigheid behalwe versekeringsbesigheid in die Republiek dryf nie, met inbegrip van enige versekeringsbesigheid wat namens iemand anders gedryf word.

(5) 'n Versekeraar (behalwe 'n herversekeraar, 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's) mag nie buite die Republiek, sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid, enige besigheid, met inbegrip van besigheid soortgelyk aan versekeringsbesigheid, dryf nie.

(6) Die Voorsorgowerheid moet slegs 'n goedkeuring bedoel in subartikels (4) of (5) toestaan indien die Voorsorgowerheid oortuig is dat daardie besigheid nie—

(a) die finansiële gesondheid van die versekeraar sal belemmer of waarskynlik sal belemmer nie;

(b) 'n negatiewe invloed op die belange van polishouers sal hê nie; of

(c) risiko's sal inbring wat nie, ten genoeë van die Voorsorgowerheid, gepas versag kan word nie.

(7) *(a)* Ondanks enige goedkeuring kragtens subartikel (4) of (5), mag die Voorsorgowerheid 'n versekeraar opdrag gee om op te hou om besigheid bedoel in subartikel (4) of (5) te dryf, indien die Voorsorgowerheid redelikerwys van mening is dat die besigheid—

(i) die versekeraar se finansiële gesondheid kan belemmer of waarskynlik kan belemmer; of

(ii) 'n risiko of risiko's kan meebring wat nie gepas verlig kan word nie.

(b) 'n Versekeraar wat kragtens paragraaf *(a)* opdrag kry moet, binne die tydperk met die Voorsorgowerheid ooreengekom, welke tydperk hoogstens drie maande na uitreiking van 'n lasgewing in paragraaf *(a)* bedoel, moet wees, 'n plan vir die herorganisasie van die versekeraar se besigheid aan die Voorsorgowerheid voorlê.

(c) 'n Versekeraar wie se plan kragtens paragraaf *(b)* goedgekeur is, moet 'n maandelikse vorderingsverslag aan die Voorsorgowerheid voorlê wat die stappe wat gedoen is en vordering wat gemaak is met die inwerkingstelling van die plan, uiteensit.

(d) Die Voorsorgowerheid kan sekere aktiwiteite of transaksies van die versekeraar beperk of belet totdat die plan in werking gestel is.

(8) *(a)* Die Voorsorgowerheid kan voorskryf dat, vir die doeleindes van hierdie Wet—

(i) sekere tipes, soorte of kategorieë van versekeringsbesigheid, behoudens enige voorgeskrewe vereistes, van die toepassing van hierdie Wet uitgesluit is;

(ii) sekere tipes, soorte of kategorieë besigheid, besigheid uitmaak waarop hierdie Wet van toepassing is.

(b) Die Voorsorgowerheid, wanneer 'n Voorsorgstandaard kragtens paragraaf *(a)* gemaak word, moet oorweging skenk aan—

(i) enige bestaande Parlementswet wat daardie besigheid reguleer;

(ii) die aard, grootte, kompleksiteit of tipe van daardie besigheid;

(iii) die persone wat daardie besigheid dryf;

(iv) die aard of tipe van enige versekeringsverbintenisse;

(v) die drempel waaronder dit nie vir 'n persoon moontlik is om versekeringsrisiko doeltreffend teë te hou en te bestuur nie.

(9) Geen persoon mag sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid, 'n naam of beskrywing aan daardie persoon se besigheid of onderneming toeskryf wat die woord ''assureer'', ''verseker'' of ''onderskryf'', of enige afleiding daarvan, verteenwoordig nie, tensy daardie persoon kragtens hierdie Wet as 'n versekeraar gelisensieer is.

Part 3

Branches of foreign reinsurers and Lloyd's underwriters

Conducting of insurance business by branches of foreign reinsurers and Lloyd's underwriters

6. (1) A foreign reinsurer may conduct insurance business in the Republic through a branch of that foreign reinsurer if the foreign reinsurer—

(a) is granted a licence under Chapter 4;

(b) establishes a representative office in the Republic in accordance with Chapter 5; and

(c) establishes a trust in the Republic in accordance with Chapter 6.

(2) A Lloyd's underwriter may conduct insurance business in the Republic if Lloyd's—

(a) establishes a representative office in the Republic in accordance with Chapter 5; and

(b) establishes a trust in the Republic in accordance with Chapter 6.

(3) All the sections of this Act apply to a branch of a foreign reinsurer, a Lloyd's underwriter and Lloyd's, unless specifically provided for otherwise in this Act.

Claims against branches of foreign reinsurers or Lloyd's underwriters

7. (1) *(a)* Any claim against a branch of a foreign reinsurer or a Lloyd's underwriter in respect of an insurance policy relating to the insurance business for which it is licensed under this Act must be recognised by any competent court in the Republic.

(b) In any action or other proceedings instituted under subsection (1), the representative referred to in section 34 may be cited as a nominal defendant or respondent, and the summons or application commencing the proceedings may be served on him or her.

(c) The representative may institute and conduct any proceedings in a competent court in the Republic as a nominal plaintiff or an applicant on behalf of the branch of a foreign reinsurer or a Lloyd's underwriter.

(2) The trust referred to in section 41 must—

(a) meet the insurance obligations under an insurance policy referred to in subsection (1), if a branch of a foreign reinsurer or a Lloyd's underwriter fails to meet any insurance obligations under that insurance policy after—

(i) a court has given a final judgment in respect of a claim; or

(ii) the Prudential Authority has directed the payment of that claim,

and any reconsideration or review proceedings in relation thereto have been completed or not been instituted within the period allowed therefor; or

(b) pay a penalty imposed under this Act or under the Financial Sector Regulation Act, if a branch of a foreign reinsurer, Lloyd's or a Lloyd's underwriter fails to pay that penalty within the time allowed for payment, and any reconsideration or review proceedings in relation thereto have not been completed or have not been instituted within the period allowed therefor.

Part 4

Insurance groups

Application of Part

8. This Part does not apply to branches of foreign reinsurers, Lloyd's underwriters or Lloyd's.

Deel 3

Takke van buitelandse herversekeraars en Lloyd's-onderskrywers

Dryf van versekeringsbesigheid deur takke van buitelandse herversekeraars en Lloyd's-onderskrywers

6. (1) 'n Buitelandse herversekeraar kan versekeringsbesigheid in die Republiek dryf deur 'n tak van daardie buitelandse herversekeraar indien die buitelandse herversekeraar—

(a) 'n lisensie kragtens Hoofstuk 4 kry;

(b) ooreenkomstig Hoofstuk 5 'n verteenwoordigende kantoor in die Republiek instel; en

(c) ooreenkomstig Hoofstuk 6 'n trust in die Republiek instel.

(2) 'n Lloyd's-onderskrywer kan versekeringsbesigheid in die Republiek verrig indien Lloyd's—

(a) ooreenkomstig Hoofstuk 5 'n verteenwoordigende kantoor in die Republiek instel; en

(b) ooreenkomstig Hoofstuk 6 'n trust in die Republiek instel.

(3) Al die artikels van hierdie Wet is van toepassing op 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, 'n Lloyd's-onderskrywer en Lloyd's, tensy hierdie Wet spesifiek anders bepaal.

Eise teen takke van buitelandse herversekeraars of Lloyd's-onderskrywers

7. (1) *(a)* Enige eis teen 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar of 'n Lloyd's-onderskrywer ten opsigte van 'n versekeringspolis in verband met die versekeringsbesigheid waarvoor dit kragtens hierdie Wet gelisensieer is, moet deur enige bevoegde hof in die Republiek erken word.

(b) In enige aksie of ander verrigtinge kragtens subartikel (1) ingestel, kan die verteenwoordiger in artikel 34 bedoel, as die nominale verweerder of respondent aangegee word, en die dagvaarding of aansoek wat die verrigtinge begin, kan aan hom of haar beteken word.

(c) Die verteenwoordiger kan enige verrigtinge voor 'n bevoegde hof in die Republiek instel en voer as 'n nominale eiser of 'n aansoeker namens die tak van 'n buitelandse herversekeraar, of 'n Lloyd's-onderskrywer.

(2) Die trust in artikel 41 bedoel moet—

(a) aan die versekeringsverbintenisse kragtens 'n versekeringspolis in subartikel (1) bedoel, voldoen, indien 'n tak van buitelandse herversekeraar of 'n Lloyd's-onderskrywer versuim om aan enige versekeringsverbintenisse kragtens daardie versekeringspolis te voldoen nadat—

(i) 'n hof 'n finale beslissing ten opsigte van 'n eis gegee het; of

(ii) die Voorsorgowerheid die betaling van daardie eis gelas het,

en enige heroorwegings- of hersieningsverrigtinge daartoe afgehandel is of nie in die toegelate tydperk ingestel is nie; of

(b) 'n boete kragtens hierdie Wet of kragtens die "Financial Sector Regulation Act" opgelê, betaal, indien 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, Lloyd's of 'n Lloyd's-onderskrywer versuim om daardie boete binne die tyd wat vir betaling toegelaat is, te betaal, en enige heroorwegings- of hersieningsverrigtinge in verband daarmee nie afgehandel is nie of nie ingestel is binne die toegelate tydperk nie.

Deel 4

Versekeringsgroepe

Toepassing van Deel

8. Hierdie Deel is nie van toepassing op takke van buitelandse herversekeraars, Lloyd's-onderskrywers of Lloyd's nie.

Notification by insurer on becoming part of group of companies

9. An insurer must, within 30 days of becoming part of a group of companies, notify the Prudential Authority thereof.

Designation of insurance group and licensing of controlling company

10. (1) *(a)* The Prudential Authority may, for the purpose of facilitating the prudential supervision of insurers, designate as an insurance group—

(i) an insurer;

(ii) any juristic person that is part of the group of companies of which the insurer is a part; and

(iii) any associate, or related or inter-related person of any juristic person that is part of the group of companies referred to in subparagraph (ii).

(b) An insurance group designated in terms of paragraph *(a)* need not include all the juristic persons, associates, or related and inter-related persons referred to in paragraph *(a)*.

(2) The Prudential Authority must as part of designating an insurance group also designate the holding company or juristic person that must apply for a licence as a controlling company of that insurance group under Chapter 4.

(3) The holding company of, or another juristic person that controls, an insurance group designated under subsection (1) and which is located in the Republic must, within 30 days of the designation, apply to be licensed as a controlling company of that insurance group under Chapter 4.

(4) The Prudential Authority must keep designations in terms of subsection (1) under review, including if the Prudential Authority becomes aware of a change in the risk profile of the designated insurance group.

(5) The Prudential Authority may amend or revoke a designation in terms of subsection (1) if the Prudential Authority becomes aware of a change in the risk profile of any juristic person that is part of the designated insurance group.

(6) The Prudential Authority must publish a notice on the official website of each designation and each amendment and revocation of a designation under subsection (1), (2) or (5).

Responsibility of board of directors of controlling company

11. (1) The board of directors of a controlling company is responsible for meeting the requirements imposed on a controlling company and an insurance group under this Act.

(2) The board of directors of a controlling company must, as soon as reasonably possible, notify the Prudential Authority of any change in the structure or material change in the risk profile of the insurance group that may impact on the scope of the insurance group designated under section 10.

Transparent insurance group structure

12. (1) The Prudential Authority may, for the purpose of facilitating the prudential supervision of the insurance group or any insurer that is part of the insurance group, direct a controlling company to amend the structure of the insurance group, in accordance with a plan submitted to and approved by the Prudential Authority, within a period agreed by the Prudential Authority.

(2) *(a)* The controlling company whose restructuring plan was approved as contemplated in subsection (1) must submit a monthly progress report to the Prudential Authority that sets out the measures taken and the progress made with implementing the restructuring plan.

(b) The Prudential Authority may restrict or prohibit certain activities or transactions of the insurance group until the restructuring plan is implemented.

(3) The Prudential Authority may take such regulatory action that the Prudential Authority determines is necessary and appropriate if—

(a) the Prudential Authority does not approve the restructuring plan; or

Kennisgewing deur versekeraar by deelwording van groep maatskappye

9. 'n Versekeraar moet, binne 30 dae na deelwording van 'n groep maatskappye, die Voorsorgowerheid daarvan in kennis stel.

Aanwysing van versekeringsgroep en lisensiëring van beheermaatskappy

10. (1) *(a)* Die Voorsorgowerheid kan, ten einde voorsorgtoesig oor versekeraars te vergemaklik—

(i) 'n versekeraar;

(ii) enige regspersoon wat deel is van die groep maatskappye waarvan die versekeraar deel is; en

(iii) enige vennoot, of verwante of interverwante persoon of enige regspersoon wat deel is van die groep maatskappye in paragraaf (ii) bedoel,

as 'n versekeringsgroep aanwys.

(b) 'n Versekeringsgroep ingevolge paragraaf *(a)* aangewys, hoef nie al die regspersone, vennote of verwante en interverwante persone in paragraaf *(a)* beoog, in te sluit nie.

(2) Die Voorsorgowerheid moet as deel van die aanwysing van 'n versekeringsgroep ook die beherende maatskappy of regspersoon aanwys wat moet aansoek doen om 'n lisensie as 'n beheermaatskappy van daardie versekeringsgroep kragtens Hoofstuk 4.

(3) Die beherende maatskappy van, of 'n ander regspersoon wat 'n versekeringsgroep aangewys kragtens subartikel (1) beheer, moet binne 30 dae vanaf die aanwysing aansoek doen om kragtens Hoofstuk 4 as 'n beheermaatskappy van daardie versekeringsgroep gelisensieer te word.

(4) Die Voorsorgowerheid moet oorsig doen oor aanwysings ingevolge subartikel (1), met inbegrip van wanneer die Voorsorgowerheid bewus word van 'n verandering in die risiko-profiel van die aangewese versekeringsgroep.

(5) Die Voorsorgowerheid mag 'n aanwysing ingevolge subartikel (1) wysig of terugtrek indien die Voorsorgmaatskappy bewus word van 'n verandering in die risikoprofiel van enige regspersoon wat deel van die aangewese versekeringsgroep is.

(6) Die Voorsorgowerheid moet 'n kennisgewing van elke aanwysing en elke wysiging en terugtrekking van 'n aanwysing kragtens subartikel (1), (2) of (5) op die amptelike webwerf publiseer.

Verantwoordelikheid van direksie van beheermaatskappy

11. (1) Die direksie van 'n beheermaatskappy is verantwoordelik vir die nakoming van die vereistes kragtens hierdie Wet aan 'n beheermaatskappy en 'n versekeringsgroep opgelê.

(2) Die direksie van 'n beheermaatskappy moet, so gou as redelik moontlik, die Voorsorgowerheid in kennis stel van enige verandering in die risikoprofiel van die versekeringsgroep wat 'n invloed op die bestek van die versekeringsgroep kragtens artikel 10 aangewys, kan hê.

Deursigtige struktuur vir versekeringsgroep

12. (1) Die Voorsorgowerheid kan, ten einde voorsorgtoesig oor die versekeringsgroep of enige versekeraar wat deel is van die versekeringsgroep, te vergemaklik, 'n beheermaatskappy opdrag gee om die struktuur van die versekeringsgroep te wysig, ooreenkomstig 'n plan binne 'n tydperk waartoe die Voorsorgowerheid ingestem het, aan die Voorsorgowerheid voorgelê en deur die Voorsorgowerheid goedgekeur.

(2) *(a)* Die beheermaatskappy wie se herstruktureringsplan goedgekeur is soos in subartikel (1) beoog, moet 'n maandelikse vorderingsverslag aan die Voorsorgowerheid voorlê wat die stappe wat gedoen is en die vordering wat gemaak is met die inwerkingstelling van die herstruktureringsplan, uiteensit.

(b) Die Voorsorgowerheid kan sekere aktiwiteite of transaksies van die versekeringsgroep beperk of belet totdat die herstruktureringsplan in werking gestel is.

(3) Die Voorsorgowerheid kan sodanige regulerende stappe doen wat die Voorsorgowerheid vasstel nodig en gepas is indien—

(a) die Voorsorgowerheid nie die herstruktureringsplan goedkeur nie; of

(b) the controlling company—

(i) fails to submit a restructuring plan;

(ii) fails to report as provided for under subsection (2)*(a)*; or

(iii) fails to implement an approved restructuring plan.

(4) *(a)* Any juristic person that is part of an insurance group, including any insurer, must, on demand by the controlling company, provide any information to the controlling company that is needed to enable the controlling company to comply with its obligations in terms of this Act.

(b) To give effect to paragraph *(a)*, a controlling company must impose binding corporate rules on, or enter into a binding agreement with, every juristic person that is part of the insurance group, that includes terms regarding the processing of information, including personal information, within the insurance group.

CHAPTER 3

KEY PERSONS AND SIGNIFICANT OWNERS

Part 1

Fit and proper requirements

Fit and proper requirements for key persons and significant owners

13. (1) The Prudential Authority may prescribe fit and proper requirements for key persons and significant owners of an insurer or a controlling company.

(2) Key persons and significant owners must, at all times, comply with the prescribed fit and proper requirements.

Part 2

Appointment and termination of key persons

Approval of appointment of certain key persons

14. (1) The appointment of any of the following key persons must be approved by the Prudential Authority, and takes effect only if the Prudential Authority approves the appointment:

(a) In the case of an insurer (other than a branch of a foreign reinsurer, a Lloyd's underwriter or Lloyd's) or a controlling company, a director and an auditor referred to in section 32; and

(b) in the case of a branch of a foreign reinsurer or Lloyd's—

(i) an auditor referred to in section 32;

(ii) a representative and a deputy representative of Lloyd's or a branch of a foreign reinsurer referred to in section 34; and

(iii) a trustee of a trust referred to in section 41.

(2) *(a)* In the case of an auditor, subsection (1) does not apply in respect of the reappointment of an auditor that does not involve a break in the continuity of the appointment.

(b) Where the appointed auditor is a firm defined under the Auditing Profession Act, both the firm and the partner that takes responsibility for compliance with section 32 must be approved by the Prudential Authority.

(c) The Prudential Authority's approval of a firm as defined under the Auditing Profession Act does not lapse by reason of a change in the membership of the firm if at least half of the members of the firm, after the change, were members when the appointment of the firm was approved by the Prudential Authority, and the partner that takes responsibility for compliance with section 32 is not affected by this change.

(b) die beheermaatskappy—

(i) versuim om 'n herstruktureringsplan voor te lê;

(ii) versuim om verslag te doen soos in subartikel (2)*(a)* voor voorsiening gemaak; of

(iii) versuim om 'n goedgekeurde herstruktureringsplan in werking te stel.

(4) *(a)* Enige regspersoon wat deel van 'n versekeringsgroep is, met inbegrip van enige versekeraar, moet, indien die beheermaatskappy dit vereis, enige inligting aan die beheermaatskappy voorsien wat nodig is sodat die beheermaatskappy kan voldoen aan die beheermaatskappy se verpligtinge ingevolge hierdie Wet.

(b) Om aan paragraaf *(a)* gevolg te gee, moet 'n beheermaatskappy bindende korporatiewe reëls oplê aan, of 'n bindende ooreenkoms aangaan met, elke regspersoon wat deel van die versekeringsgroep is, met inbegrip van bedinge oor die verwerking van inligting, met inbegrip van persoonlike inligting, binne die versekeringsgroep.

HOOFSTUK 3

SLEUTELPERSONE EN BEDUIDENDE EIENAARS

Deel 1

Vereistes vir geskiktheid en gepastheid

Vereistes vir geskiktheid en gepastheid vir sleutelpersone en beduidende eienaars

13. (1) Die Voorsorgowerheid kan vereistes vir geskiktheid en gepastheid vir sleutelpersone en beduidende eienaars van 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy voorskryf.

(2) Sleutelpersone en beduidende eienaars moet te alle tye voldoen aan die vereistes vir geskiktheid en gepastheid.

Deel 2

Aanstellings en beëindiging van aanstelling van sleutelpersone

Goedkeuring van aanstelling van sekere sleutelpersone

14. (1) Die aanstelling van enige van die volgende sleutelpersone moet deur die Voorsorgowerheid goedgekeur word, en word slegs van krag indien die Voorsorgowerheid die aanstelling goedkeur:

(a) In die geval van 'n versekeraar (behalwe 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, 'n Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's) of 'n beheermaatskappy, 'n direkteur en 'n ouditeur in artikel 32 bedoel; en

(b) in die geval van 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar of Lloyd's—

(i) 'n ouditeur in artikel 32 bedoel;

(ii) 'n verteenwoordiger en 'n adjunkverteenwoordiger van Lloyd's of 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar in artikel 34 bedoel; en

(iii) 'n trustee van 'n trust in artikel 41 bedoel.

(2) *(a)* In die geval van 'n ouditeur, is subartikel (1) nie van toepassing nie ten opsigte van 'n heraanstelling van 'n ouditeur wat nie 'n breek in die kontinuïteit van die aanstelling behels nie.

(b) Waar die aangestelde ouditeur 'n firma is wat kragtens die ''Auditing Profession Act'' omskryf is, moet die firma sowel as die vennoot wat verantwoordelikheid vir voldoening aan artikel 32 neem, deur die Voorsorgowerheid goedgekeur word.

(c) Die Voorsorgowerheid se goedkeuring van 'n firma soos omskryf kragtens die ''Auditing Profession Act'', verval nie weens 'n verandering in die lidmaatskap van die firma nie indien ten minste die helfte van die lede van die firma, na die verandering, lede was toe die aanstelling van die firma deur die Voorsorgowerheid goedgekeur is, en die vennoot wat verantwoordelikheid vir voldoening aan artikel 32 neem, nie deur hierdie verandering geraak is nie.

Notification of appointment and change in circumstances of certain key persons

15. (1) An insurer (other than a branch of a foreign reinsurer, a Lloyd's underwriter or Lloyd's) and a controlling company must, within 30 days, notify the Prudential Authority of the appointment of—

(a) a senior manager; or

(b) a head of a control function.

(2) The representative of a branch of a foreign reinsurer and Lloyd's must, within 30 days, notify the Prudential Authority of the appointment of—

(a) a senior manager; or

(b) a head of a control function.

(3) An insurer, a controlling company, and a representative of a branch of a foreign reinsurer and Lloyd's must, within 30 days of becoming aware, notify the Prudential Authority of a change in circumstances that may adversely affect the fit and proper status of a key person.

Termination of appointment of key persons

16. (1) An insurer (other than a branch of a foreign reinsurer, a Lloyd's underwriter or Lloyd's) and a controlling company must notify the Prudential Authority of the termination of the appointment of a key person, within 30 days of such termination.

(2) The representative of a branch of a foreign reinsurer and Lloyd's must notify the Prudential Authority of the termination of the appointment of a key person referred to in paragraphs *(b)* to *(e)* of the definition of ''key person'', within 30 days of such termination.

(3) A branch of a foreign reinsurer or Lloyd's must notify the Prudential Authority of the termination of the appointment of a representative or a deputy representative of that branch of a foreign reinsurer or Lloyd's, within 30 days of such termination.

(4) *(a)* Any key person, other than an auditor, of an insurer or a controlling company who resigns or whose appointment has been terminated, must at the request of the Prudential Authority, notify the Prudential Authority in writing of any matter relating to the affairs of that insurer or controlling company of which the key person became aware in the performance of that key person's role, responsibilities, duties or functions, and which may prejudice the ability of the insurer or controlling company to comply with this Act.

(b) No information furnished by a key person under paragraph *(a)* may be used by the Prudential Authority in any subsequent criminal proceedings against such a key person.

Part 3

Changes in control of insurer or controlling company and nominees

Changes in control of insurer or controlling company

17. (1) *(a)* This section and the provisions of the Financial Sector Regulation Act relating to significant owners do not apply to branches of foreign reinsurers, Lloyd's underwriters or Lloyd's.

(b) The provisions of the Financial Sector Regulation Act relating to significant owners apply, with the necessary changes, to controlling companies.

(c) This section applies in addition to the Financial Sector Regulation Act.

(2) An insurer or a controlling company must, within 30 days of becoming aware, notify the Prudential Authority of any arrangement referred to in the provisions of the Financial Sector Regulation Act relating to significant owners.

(3) The Prudential Authority may only approve an arrangement referred to in the provisions of the Financial Sector Regulation Act relating to significant owners if the Prudential Authority is satisfied, in addition to the matters specified in the Financial Sector Regulation Act, that the likely influence of the proposed significant owner, will be reasonably likely to result in, or will continue to result in—

Kennisgewing van aanstelling en verandering in omstandighede van sekere sleutelpersone

15. (1) 'n Versekeraar (buiten 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, 'n Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's) en 'n beheermaatskappy moet, binne 30 dae, die Voorsorgowerheid in kennis stel van die aanstelling van—

(a) 'n senior bestuurder; of

(b) 'n hoof van 'n beheerfunksie.

(2) Die verteenwoordiger van 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar en Lloyd's moet, binne 30 dae, die Voorsorgowerheid verwittig van die aanstelling van—

(a) 'n senior bestuurder; of

(b) 'n hoof van 'n beheerfunksie.

(3) 'n Versekeraar, 'n beheermaatskappy, en 'n verteenwoordiger van 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar en Lloyd's moet, binne 30 dae vanaf kennisname, die Voorsorgowerheid in kennis stel van 'n verandering in omstandighede wat 'n sleutelpersoon se status van geskiktheid en bevoegdheid kan raak.

Beëindiging van aanstelling van sleutelpersone

16. (1) 'n Versekeraar (behalwe 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, 'n Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's) en 'n beheermaatskappy moet die Voorsorgowerheid in kennis stel van die beëindiging van die aanstelling van 'n sleutelpersoon, binne 30 dae vanaf sodanige beëindiging.

(2) Die verteenwoordiger van 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar en Lloyd's moet die Voorsorgowerheid in kennis stel van die beëindiging van die aanstelling van 'n sleutelpersoon in paragrawe *(b)* tot *(e)* van die omskrywing van sleutelpersoon bedoel, binne 30 dae vanaf sodanige beëindiging.

(3) 'n Tak van 'n buitelandse herversekeraar of Lloyd's moet die Voorsorgowerheid in kennis stel van die beëindiging van die aanstelling van 'n verteenwoordiger of 'n adjunkverteenwoordiger van daardie tak van 'n buitelandse herversekeraar of Lloyd's, binne 30 dae vanaf sodanige beëindiging.

(4) *(a)* 'n Sleutelpersoon, behalwe 'n ouditeur, van 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy wat bedank of wie se aanstelling beëindig is, moet op versoek van die Voorsorgowerheid, die Voorsorgowerheid skriftelik in kennis stel van enige aangeleentheid aangaande die sake van daardie versekeraar of beheermaatskappy waarvan die sleutelpersoon in die verrigting van daardie sleutelpersoon se rol, verantwoordelikhede, pligte of werksaamhede bewus geword het, en wat die versekeraar of beheermaatskappy se vermoë om aan hierdie Wet te voldoen, kan benadeel.

(b) Geen inligting kragtens paragraaf *(a)* deur 'n sleutelpersoon verstrek mag deur die Voorsorgowerheid gebruik word in enige daaropvolgende strafregtelike verrigtinge teen sodanige sleutelpersoon nie.

Deel 3

Veranderinge in beheer oor 'n versekeraar of beheermaatskappy en benoemdes

Veranderinge in beheer oor versekeraar of beheermaatskappy

17. (1) *(a)* Hierdie artikel en die bepalings van die ''Financial Sector Regulation Act'' aangaande beduidende eienaars is nie van toepassing nie op takke van buitelandse herversekeraars, Lloyd's-onderskrywers of Lloyd's.

(b) Die bepalings van die ''Financial Sector Regulation Act'' oor beduidende eienaars is van toepassing, met die nodige veranderinge, op beheermaatskappye.

(c) Hierdie artikel is benewens die ''Financial Sector Regulation Act'' van toepassing.

(2) 'n Versekeraar of beheermaatskappy moet, binne 30 dae na kennisname, die Voorsorgowerheid in kennis stel van enige reëling in die bepalings van die ''Financial Sector Regulation Act'' wat op beduidende eienaars betrekking het.

(3) Die Voorsorgowerheid kan slegs 'n reëling in die bepalings van die ''Financial Sector Regulation Act'' bedoel aangaande beduidende eienaars goedkeur indien die Voorsorgowerheid tevrede is, benewens die aangeleenthede in die ''Financial Sector Regulation Act'' gespesifiseer, dat die waarskynlike invloed van die voorgestelde beduidende eienaar, heel waarskynlik sal uitloop in, of sal voortgaan om uit te loop in—

(a) key persons of the insurer or controlling company meeting the fit and proper requirements prescribed under this Act; and

(b) any other licensing requirements and licensing conditions being met.

(4) If the Prudential Authority is reasonably satisfied that the retention of a particular interest by a particular significant owner will be prejudicial to the insurer or controlling company, or to the policyholders of the insurer, the Prudential Authority may, in addition to any other action that the Prudential Authority may take in terms of this Act, after consultation with the insurer or controlling company and the particular significant owner direct that insurer, controlling company or significant owner to—

(a) prepare and submit to the Prudential Authority a plan that is satisfactory to the Prudential Authority, under which the significant owner will, within a period that is acceptable to the Prudential Authority—

(i) limit, with immediate effect, the voting rights that may be exercised by that owner by virtue of the proportion of the voting rights or the interest held;

(ii) reduce the proportion of the voting rights or the interest held by that owner in the insurer or controlling company to a percentage specified; or

(iii) cease to be a significant owner of the insurer or controlling company; and

(b) on the Prudential Authority's approval of the plan, implement the plan.

(5) *(a)* Despite any other law, no person may, in respect of an interest in an insurer or a controlling company, or a related person of an insurer or a controlling company, issued to that person or registered in that person's name contrary to this Act—

(i) either personally or by proxy granted to another person, cast a vote attached to that interest; or

(ii) receive a dividend or any other money in respect of that interest.

(b) A resolution passed by an insurer or a controlling company contrary to paragraph *(a)*(i), or a payment referred to in paragraph *(a)*(ii), is void.

(6) *(a)* Despite anything to the contrary in the Competition Act, 1998 (Act No. 89 of 1998), the Competition Commission may not make a decision in terms of section 13(5)*(b)* or 14(1)*(b)* of the Competition Act, and the Competition Tribunal may not make an order in terms of section 16(2) of the Competition Act, 1998, if—

(i) the merger constitutes an acquisition of shares for which approval is required in terms of this section; and

(ii) the Prudential Authority has, in the prescribed manner, issued a notice to the Commissioner specifying the names of the parties to the merger and certifying that the merger is a merger contemplated in subparagraph (i), and it is in the public interest that the merger is subject to the Financial Sector Regulation Act only.

(b) Sections 13(6) and 14(2) of the Competition Act, 1998, do not apply to a merger in respect of which the Prudential Authority has issued a certificate contemplated in paragraph *(a)*(ii).

(c) For the purposes of paragraphs *(a)* and *(b)*, 'merger' means a merger as defined in section 12 of the Competition Act, 1998.

Registration of shares in name of nominee

18. (1) An insurer that is a profit company registered under the Companies Act or a controlling company may not, without the approval of the Prudential Authority—

(a) allot or issue any of its shares to, or register any of its shares in the name of, a person other than the intended holder of a beneficial interest;

(b) register a transfer of any of its shares to a person other than the intended holder of a beneficial interest.

(2) The Prudential Authority may prescribe the circumstances in which approval under subsection (1) is not required.

(a) voldoening deur sleutelpersone van die versekeraar of beheermaatskappy aan vereistes vir geskiktheid en gepastheid kragtens hierdie Wet voorgeskryf; en

(b) voldoening aan enige ander lisensiëringsvereistes en lisensiëringsvoorwaardes

(4) Indien die Voorsorgowerheid redelik oortuig is dat die behoud van 'n bepaalde belang deur 'n beduidende eienaar nadelig vir die versekeraar of beheermaatskappy, of vir die polishouers van die versekeraar, sal wees, kan die Voorsorgowerheid, bykomend tot enige ander stappe wat die Voorsorgowerheid ingevolge hierdie Wet kan doen, na oorleg met die versekeraar of beheermaatskappy en die bepaalde beduidende eienaar, gelas dat daardie versekeraar, beheermaatskappy of beduidende eienaar—

(a) 'n plan ten genoeë van die Voorsorgowerheid aan die Voorsorgowerheid voorlê, waarkragtens die beduidende eienaar binne 'n tydperk wat vir die Voorsorgowerheid aanvaarbaar is—

(i) met onmiddellike ingang, die stemregte beperk wat daardie eienaar uit hoofde van die verhouding van die stemregte of die belang gehou, mag uitoefen, beperk;

(ii) die verhouding van die stemregte of die belang gehou deur daardie eienaar in die versekeraar of beheermaatskappy tot 'n gespesifiseerde persentasie verminder; of

(iii) ophou om 'n beduidende eienaar van die versekeraar of beheermaatskappy te wees; en

(b) die plan uit te voer by die goedkeuring daarvan deur die Voorsorgowerheid.

(5) *(a)* Ondanks enige ander wet, kan geen persoon, ten opsigte van 'n belang in 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy, of 'n verwante persoon van 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy, aan daardie persoon uitgereik of in daardie persoon se naam geregistreer in stryd met hierdie Wet—

(i) hetsy persoonlik of per volmag aan iemand anders toegestaan, 'n stem bring wat aan daardie belang geheg is nie; of

(ii) 'n dividend of enige ander geld ten opsigte van daardie belang, ontvang nie.

(b) 'n Besluit deur 'n versekeraar of 'n beheermaatskappy deurgevoer in stryd met paragraaf *(a)*(i) of 'n betaling in paragraaf *(a)*(ii) bedoel, is nietig.

(6) *(a)* Ondanks enige bepalings tot die teendeel in die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998), mag die Mededingingskommissie nie 'n besluit ingevolge artikel 13(5)*(b)* of 14(1)*(b)* van die Wet op Mededinging, 1998, neem nie, en die Kompetisietribunaal mag nie 'n bevel ingevolge artikel 16(2) van die Wet op Mededinging, 1998, gee nie indien—

(i) die samesmelting 'n verkryging van aandele daarstel waarvoor goedkeuring ingevolge hierdie artikel vereis word; en

(ii) die Voorsorgowerheid, op die voorgeskrewe wyse, 'n kennisgewing aan die Kommissaris uitgereik het wat die name van die partye tot die samesmelting vermeld en wat sertifiseer dat die samesmelting 'n samesmelting beoog in subparagraaf (i) is en dit in die openbare belang is dat die samesmelting slegs aan die ''Financial Sector Regulation Act'' onderhewig is.

(b) Artikels 13(6) en 14(2) van die Wet op Mededinging, 1998, is nie van toepassing op 'n samesmelting ten opsigte waarvan die Voorsorgowerheid 'n sertifikaat in paragraaf *(a)*(ii) beoog, uitgereik het nie.

(c) By die toepassing van paragrawe *(a)* en *(b)*, beteken ''samesmelting'' 'n samesmelting soos omskryf in artikel 12 van die Wet op Mededinging, 1998.

Registrasie van aandele in naam van benoemde

18. (1) 'n Versekeraar wat 'n maatskappy met winsbejag kragtens die Maatskappywet geregistreer is, of 'n beheermaatskappy mag nie, sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid—

(a) enige van sy aandele toewys of uitreik aan, of enige van sy aandele registreer in die naam van 'n persoon behalwe die beoogde houer van 'n voordelige belang nie;

(b) 'n oordrag van enige van sy aandele aan 'n persoon behalwe 'n beoogde houer van 'n voordelige belang, registreer nie.

(2) Die Voorsorgowerheid kan die omstandighede waaronder goedkeuring kragtens subartikel (1) nie vereis word nie, voorskryf.

Part 4

Key persons or significant owners not fit and proper

Key person or significant owner not fit and proper or no longer fit and proper

19. (1) The Prudential Authority may, if the Prudential Authority reasonably believes that a key person does not comply or no longer complies with the fit and proper requirements, in addition to any other action that the Prudential Authority may take under this Act, direct the insurer or controlling company to make arrangements to the satisfaction of the Prudential Authority to address the non-compliance, which arrangements may include—

(a) providing additional education or training to that key person;
(b) utilising external resources to support that key person;
(c) outsourcing the functions and duties of that key person; or
(d) suspending or removing a person from the appointment as a key person.

(2) If an insurer fails to make arrangements contemplated in subsection (1) to address the non-compliance of a key person with the fit and proper requirements prescribed, the Prudential Authority, in addition to any other action that the Prudential Authority may take under this Act, may—

(a) impose additional reporting requirements on the insurer or controlling company; or
(b) vary the licensing conditions of the insurer or controlling company; or
(c) suspend or withdraw the licence of the insurer or controlling company.

(3) The Prudential Authority may, if the Prudential Authority reasonably believes that a significant owner does not meet or no longer meets the fit and proper requirements, in addition to any other action that the Prudential Authority may take, take any of the actions referred to in section 17(4).

Assessing if key person or significant owner is fit and proper

20. The Prudential Authority, in assessing if a key person or significant owner is fit and proper or continues to be fit and proper, may request the verification of information, or may verify information at the Prudential Authority's disposal by making enquiries to any organ of state, credit bureau or other source of relevant information concerning that key person or significant owner.

CHAPTER 4

LICENSING, SUSPENSION AND WITHDRAWAL OF LICENCE

Application of Chapter

21. Sections 22 and 23 do not apply to a Lloyd's underwriter or Lloyd's.

Requirements for licence

22. (1) In order to qualify for licensing as an insurer—

(a) a person—

(i) in the case of a person that intends to conduct microinsurance business only, must be a profit company or a non-profit company registered under the Companies Act, or a co-operative registered under the Co-operatives Act;

(ii) in the case of a person that intends to conduct reinsurance business only, must be a public company or state-owned company registered under the Companies Act, a co-operative registered under the Co-operatives Act or a branch of a foreign reinsurer; and

Deel 4

Sleutelpersone of beduidende eienaar nie geskik en gepas nie

Sleutelpersoon of beduidende eienaar nie geskik en gepas of nie meer geskik en gepas nie

19. (1) Die Voorsorgowerheid kan, indien die Voorsorgowerheid redelikerwys van mening is dat ’n sleutelpersoon nie voldoen of nie meer redelik voldoen aan die vereistes vir geskiktheid en gepastheid nie, bykomend tot enige ander stappe wat die Voorsorgowerheid kragtens hierdie Wet kan doen, die versekeraar of beheermaatskappy opdrag gee om reëlings te tref, wat die Voorsorgowerheid tevrede stel, om die nievoldoening te hanteer, welke reëlings kan insluit—

(a) om bykomende onderwys of opleiding aan daardie sleutelpersoon te voorsien;

(b) om eksterne hulpbronne te gebruik om daardie sleutelpersoon te ondersteun;

(c) om die werksaamhede en pligte van daardie sleutelpersoon uit te bestee; of

(d) om ’n persoon uit die aanstelling as ’n sleutelpersoon te skors of te verwyder.

(2) Indien ’n versekeraar versuim om reëlings in subartikel (1) beoog, te tref om ’n sleutelpersoon se nienakoming aan die voorgeskrewe vereistes vir geskiktheid en gepastheid te hanteer, kan die Voorsorgowerheid, bykomend tot enige ander stap wat die Voorsorgowerheid kragtens hierdie Wet kan doen—

(a) bykomende verslagdoeningsvereistes aan die versekeraar of beheermaatskappy oplê; of

(b) die versekeraar of beheermaatskappy se lisensiëringsvoorwaardes verander; of

(c) die versekeraar of beheermaatskappy se lisensie opskort of intrek.

(3) Die Voorsorgowerheid kan, indien die Voorsorgowerheid redelikerwys van mening is dat ’n beduidende eienaar nie voldoen of nie meer voldoen aan die vereistes vir geskiktheid en gepastheid nie, bykomend tot enige ander stappe wat die Voorsorgowerheid kan doen, enige van die stappe in artikel 17(4) bedoel, doen.

Assessering of sleutelpersoon of beduidende eienaar geskik en gepas is

20. Die Voorsorgowerheid, wanneer geassesseer word of ’n sleutelpersoon of beduidende eienaar geskik en gepas is of steeds geskik en gepas is, kan die verifiëring van inligting versoek, of kan inligting tot beskikking van die Voorsorgowerheid verifieer deur navrae oor daardie sleutelpersoon of beduidende eienaar by ’n staatsorgaan, kredietburo of ander bron van tersaaklike inligting te doen.

HOOFSTUK 4

LISENSIËRING, OPSKORTING EN INTREKKING VAN LISENSIE

Toepassing van Hoofstuk

21. Artikels 22 en 23 is nie van toepassing op ’n Lloyd’s-onderskrywer of Lloyd’s nie.

Vereistes vir lisensie

22. (1) Ten einde vir lisensiëring as ’n versekeraar te kwalifiseer—

(a) moet ’n persoon—

(i) in die geval van ’n persoon wat voornemens is om slegs mikroversekeringsbesigheid te dryf, ’n maatskappy met winsbejag of maatskappy sonder winsbejag wees kragtens die Maatskappywet geregistreer of ’n koöperasie kragtens die ‘‘Co-operatives Act’’, geregistreer;

(ii) in die geval van ’n persoon wat voornemens is om slegs herversekeringsbesigheid te dryf, ’n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit wees wat kragtens die Maatskappywet, ’n koöperasie kragtens die ‘‘Co-operatives Act’’ geregistreer of ’n tak van ’n buitelandse belegger is; en

(iii) in any other case, subject to section 70, must be a public company or state-owned company registered under the Companies Act, or a co-operative registered under the Co-operatives Act;

(b) a person's primary business activity must be the conducting of insurance business and operations arising directly therefrom;

(c) a person must demonstrate that—

(i) its key persons and significant owners meet the prescribed fit and proper requirements;

(ii) it has a sound business plan;

(iii) it has a plan to meet its stated commitments in terms of transformation of the insurance sector, including meeting the targets envisaged by the Financial Sector Code;

(iv) it has adequate operational management capabilities to conduct the classes and sub-classes of insurance business set out in Schedule 2 that it wishes to conduct;

(v) if it is a branch of a foreign reinsurer and the requirements imposed by the foreign jurisdiction in which the institution is authorised and supervised have not been determined as equivalent to this Act under section 65, the laws of the country under which the institution is authorised and supervised establish a regulatory framework equivalent to that established by this Act;

(vi) if it is part of an insurance group, that its controlling company will be able to meet the requirements for insurance groups as set out in this Act; and

(vii) it will be able to comply with the governance framework requirements, financial soundness requirements and reporting and public disclosure requirements of this Act;

(d) that person's licensing must not be contrary to the interests of prospective policyholders or the public interest; and

(e) in the case of a state-owned company, an Act of Parliament authorises that company to conduct insurance business and the Minister has approved that the company may apply for a licence under this Act.

(2) In order to qualify for licensing as a controlling company, a holding company of, or another juristic person that controls, an insurance group must demonstrate that—

(a) its key persons and significant owners meet the prescribed fit and proper requirements;

(b) it has a sound business plan; and

(c) it will be able to comply with the governance framework, financial soundness, reporting and public disclosure requirements of this Act.

(3) The Prudential Authority, prior to licensing, may require a person to change its proposed name (or a translation, shortened form or derivative thereof), if the proposed name is unacceptable because it—

(a) is identical to that of another insurer or controlling company;

(b) so closely resembles that of another insurer or controlling company that the one is likely to be mistaken for the other;

(c) is identical to or so closely resembles that under which another insurer or controlling company was previously licensed, and reasonable grounds exist for objection to its use; or

(d) is misleading or undesirable.

Licensing

23. (1) An application for a licence must be made to the Prudential Authority.

(2) The Prudential Authority must, in the case of a branch of a foreign reinsurer or a subsidiary of a foreign insurer, only grant or refuse an application after consultation with the regulatory authority that regulates the foreign reinsurer.

(3) *(a)* The Prudential Authority must grant or refuse an application within 120 days of the date on which the application was submitted to the Prudential Authority, or such longer period agreed between the Prudential Authority and the applicant.

(iii) in enige ander geval, behoudens artikel 70, moet ’n openbare maatskappy of maatskappy in staatsbesit kragtens die Maatskappywet geregistreer of ’n koöperasie kragtens die ‘‘Co-operatives Act’’ geregistreer, wees;

(b) ’n persoon se primêre sakeaktiwiteit moet die doen van versekeringsbesigheid en bedrywighede wat direk daaruit voortspruit, wees;

(c) ’n persoon moet demonstreer dat—

(i) sy of haar sleutelpersone en beduidende eienaars voldoen aan die vereistes vir geskiktheid en gepastheid;

(ii) hy of sy ’n gesonde sakeplan het;

(iii) hy of sy ’n plan het om sy of haar gestelde verbintenisse ingevolge transformasie van die versekeringsektor na te kom, met inbegrip van die bereiking van die teikens deur die Kode vir die Finansiële Sektor gestel;

(iv) hy of sy voldoende operasionele bestuursvermoëns het om die klasse en subklasse het van versekeringsbesigheid in Bylae 2 uiteengesit te dryf wat hy of sy wil dryf;

(v) indien hy of sy ’n tak van ’n buitelandse herversekeraar is en die vereistes opgelê deur die buitelandse jurisdiksie waarin die instelling gemagtig is en oor toesig gehou word nie kragtens artikel 65 as gelykstaande aan hierdie Wet vasgestel is nie, die wette van die land waaronder die instelling gemagtig is en oor toesig gehou word, ’n reguleringsraamwerk instel wat gelykstaande is aan die reguleringsraamwerk deur hierdie Wet ingestel;

(vi) indien hy of sy deel van ’n versekeringsgroep is, dat sy of haar beheermaatskappy aan die vereistes vir versekeringsgroepe soos in hierdie Wet uiteengesit, sal kan voldoen; en

(vii) hy of sy aan die beheerraamwerkvereistes, vereistes vir finansiële gesondheid en verslag- en openbare bekendmakingsvereistes van hierdie Wet sal kan voldoen;

(d) moet daardie persoon se lisensiëring nie in stryd wees met die belange van die voornemende polishouers of die openbare belang nie; en

(e) moet ’n Parlementswet in die geval van ’n maatskappy in staatsbesit, daardie maatskappy magtig om versekeringsbesigheid te dryf en die Minister moet goedkeuring gee dat die maatskappy om ’n lisensie kragtens hierdie Wet kan aansoek doen.

(2) Ten einde te kwalifiseer vir lisensiëring as ’n beheermaatskappy, moet ’n beherende maatskappy van, of ’n ander regspersoon in beheer van, ’n versekeringsgroep demonstreer dat—

(a) sy sleutelpersone en beduidende eienaars voldoen aan die voorgeskrewe vereistes vir geskiktheid en gepastheid;

(b) hy ’n gesonde sakeplan het; en

(c) hy aan die beheerraamwerkvereistes, vereistes vir finansiële gesondheid en vereistes vir verslagdoening en openbare bekendmaking van hierdie Wet sal kan voldoen.

(3) Die Voorsorgowerheid kan, voor lisensiëring, vereis dat ’n persoon sy voorgestelde naam (of ’n vertaling, verkorte vorm of afleiding daarvan) verander indien die voorgestelde naam onaanvaarbaar is omdat dit—

(a) identies is aan dié van ’n ander versekeraar of beheermaatskappy;

(b) so baie soos dié van ’n ander versekeraar of beheermaatskappy is dat die een met die ander verwar kan word;

(c) dit identies is of so baie soos die naam is waaronder ’n ander versekeraar of beheermaatskappy voorheen gelisensieer was, en redelike gronde bestaan om teen die gebruik daarvan beswaar te maak; of

(d) misleidend of ongewens is.

Lisensiëring

23. (1) ’n Aansoek om ’n lisensie moet by die Voorsorgowerheid gemaak word.

(2) Die Voorsorgowerheid moet, in die geval van ’n tak van ’n buitelandse herversekeraar of ’n filiaal van ’n buitelandse versekeraar, slegs ’n aansoek toestaan of weier na oorleg met die reguleringsowerheid wat die buitelandse herversekeraar reguleer.

(3) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet ’n aansoek binne 120 dae vanaf die datum waarop die aansoek aan die Voorsorgowerheid voorgelê is, of sodanige langer tydperk waarop die Voorsorgowerheid en die aansoeker ooreengekom het, toestaan of weier.

(b) If the Prudential Authority requested additional information in terms of section 60(4)*(a)*(i), then the period between the date on which the additional information was requested and when the information was provided to the Prudential Authority is not considered when determining the 120 days referred to in paragraph *(a)*.

(4) *(a)* The Prudential Authority must, on granting an application, issue a licence and publish a notice of the licensing on the official website.

(b) The licence of an insurer must specify—

(i) the full name of the insurer and any translation, shortened form or derivative of the name of the insurer that may be used in conducting business;

(ii) the type of insurance business for which the insurer is licensed;

(iii) the classes and sub-classes of insurance business that the insurer may conduct; and

(iv) any conditions referred to in section 25(8) subject to which the licence is granted.

(c) The licence of a controlling company must specify—

(i) the full name of the controlling company and any translation, shortened form or derivative of the name of the controlling company that may be used in conducting business; and

(ii) any conditions referred to in section 25(9) subject to which the licence is granted.

(5) An insurer and controlling company must ensure that a reference to the fact that such a licence is held is contained in all business documentation and advertisements and other marketing material.

(6) An insurer or controlling company may not change its name or any translation, shortened form or derivative of the name of the insurer or controlling company that may be used in conducting business without the approval of the Prudential Authority.

(7) A licence granted under this Act cannot be transferred to another person.

Lloyd's underwriters and Lloyd's licensed

24. (1) Lloyd's underwriters and Lloyd's, subject to subsection (2), are licensed to conduct—

(a) non-life insurance business in all the classes and sub-classes set out in Table 2 of Schedule 2, in respect of commercial lines; and

(b) non-life insurance business in sub-class 17 set out in Table 2 of Schedule 2 in respect of personal lines.

(2) Lloyd's underwriters and Lloyd's may only with the approval of the Prudential Authority conduct non-life insurance business in the classes and sub-classes, other than sub-class 17, set out in Table 2 of Schedule 2 in respect of personal lines.

(3) The Prudential Authority may impose licensing conditions similar to those referred to in section 25(8) on a Lloyd's underwriter or Lloyd's.

Licence conditions

25. (1) An insurer, other than a microinsurer or a reinsurer, must be licensed to conduct life or non-life insurance business, and may not be licensed to conduct both.

(2) An insurer, in addition to being licensed to conduct life or non-life insurance business, must be licensed to conduct one or more of the classes or sub-classes of insurance business set out in Schedule 2.

(3) An insurer that is licensed to conduct a specific class or sub-class of insurance business may provide the rider benefits as may be prescribed in respect of that class or sub-class of insurance business.

(4) An insurer licensed under this Act—

(a) may only conduct insurance business in the classes or sub-classes of insurance business set out in Schedule 2 for which it is licensed in accordance with subsection (2); and

(b) Indien die Voorsorgowerheid bykomende inligting ingevolge artikel 60(3) aangevra het, word die tydperk tussen die datum waarop die bykomende inligting aangevra is en wanneer die inligting aan die Voorsorgowerheid voorsien is, dan nie in ag geneem wanneer die 120 dae in paragraaf *(a)* bedoel, vasgestel word nie.

(4) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet, by die toestaan van 'n aansoek, 'n lisensie uitreik en 'n kennisgewing van die lisensiëring op die amptelike webwerf publiseer.

(b) Die lisensie van 'n versekeraar moet—

(i) die volle naam van die versekeraar en enige vertaling, verkorte vorm of afleiding van die naam van die versekeraar wat in die dryf van besigheid gebruik kan word;

(ii) die tipe versekeringsbesigheid waarvoor die versekeraar gelisensieer is;

(iii) die klasse en subklasse van versekeringsbesigheid wat die versekeraar kan dryf; en

(iv) enige voorwaardes in artikel 25(8) bedoel waaronder die lisensie toegestaan word,

vermeld.

(c) Die lisensie van 'n beheermaatskappy moet—

(i) die volle naam van die beheermaatskappy en enige vertaling, verkorte vorm of afleiding van die naam van die beheermaatskappy wat in die dryf van besigheid gebruik kan word, vermeld; en

(ii) enige voorwaardes in artikel 25(9) bedoel waaronder die lisensie toegestaan word, vermeld.

(5) 'n Versekeraar en beheermaatskappy moet verseker dat 'n verwysing na die feit dat so 'n lisensie toegestaan is in alle besigheidsdokumentasie en advertensies en ander bemarkingsmateriaal voorkom.

(6) 'n Versekeraar of beheermaatskappy mag nie die naam of enige vertaling, verkorte vorm of afleiding van die naam van die versekeraar of beheermaatskappy wat in die dryf van besigheid gebruik kan word, sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid verander nie.

(7) 'n Lisensie kragtens hierdie Wet toegestaan kan nie aan 'n ander persoon oorgedra word nie.

Lloyd's-onderskrywers en Lloyd's-gelisensieerd

24. (1) Lloyd's-onderskrywers en Lloyd's, behoudens subartikel (2), is gelisensieer om—

(a) nielewensversekeringsbesigheid in al die klasse en subklasse in Tabel 2 van Bylae 2 uiteengesit, ten opsigte van kommersiële reekse te dryf; en

(b) nielewensversekeringsbesigheid in subklas 17 in Tabel 2 van Bylae 2 uiteengesit ten opsigte van persoonlike reekse te dryf.

(2) Lloyd's-onderskrywers en Lloyd's kan slegs met die goedkeuring van die Voorsorgowerheid nielewensversekering in die klasse en subklasse, behalwe subklas 17, in Tabel 2 van Bylae 2 uiteengesit, ten opsigte van persoonlike reekse dryf.

(3) Die Voorsorgowerheid kan lisensiëringsvoorwaardes soortgelyk aan die lisensiëringsvoorwaardes in artikel 25(8) bedoel aan 'n Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's, oplê.

Lisensievoorwaardes

25. (1) 'n Versekeraar, buiten 'n mikroversekeraar of 'n herversekeraar, moet gelisensieer wees om lewens- of nielewensversekeringsbesigheid te dryf en mag nie gelisensieer wees om albei te dryf nie.

(2) 'n Versekeraar moet nie net gelisensieer wees om lewens- of nielewensversekeringsbesigheid te dryf nie, maar moet ook gelisensieer wees om een of meer van die klasse of subklasse van versekering in Bylae 2 uiteengesit, te dryf.

(3) 'n Versekeraar wat gelisensieer is om 'n bepaalde klas of subklas van versekeringsbesigheid te dryf, kan die toegevoegde voordele soos ten opsigte van daardie klas of subklas van versekeringsbesigheid voorgeskryf kan word, voorsien.

(4) 'n Versekeraar kragtens hierdie Wet gelisensieer—

(a) kan slegs versekeringsbesigheid in die klasse of subklasse van versekeringsbesigheid in Bylae 2 uiteengesit, dryf waarvoor hy ooreenkomstig subartikel (2) gelisensieer is; en

(b) must conduct the insurance business for which the insurer is licensed in accordance with the requirements that may be prescribed in respect of each of the classes or sub-classes of insurance business under this Act or any other Act of Parliament.

(5) A captive insurer may not insure third party risks.

(6) *(a)* Only a cell captive insurer may conduct insurance business through cell structures.

(b) A cell captive insurer may not insure—

(i) first party risks and third party risks in the same cell structure; or

(ii) the risks associated with the insurance obligations of another insurer without the approval the Prudential Authority.

(7) *(a)* A reinsurer that is licensed to conduct both life and non-life insurance business may not be licensed to conduct reinsurance business in respect of classes 6 to 8 set out in Table 1 of Schedule 2.

(b) A reinsurer licensed to conduct life or non-life insurance business or both may be licensed to conduct insurance business in respect of class 10 set out in Table 2 of Schedule 2 directly with a medical scheme registered under the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998).

(8) The Prudential Authority, in the case of an insurer, may impose licensing conditions in addition to subsections (1) to (7) necessary to achieve the objective of this Act, which may include conditions—

(a) relating to the insurance business arrangements, including, but not limited to, the outsourcing arrangements or cell structures that the insurer may enter into;

(b) relating to the persons with whom the insurer may conduct insurance business;

(c) relating to reinsurance arrangements;

(d) limiting the scope and size of the insurance business that may be conducted to that set out in the application for a licence referred to in section 23;

(e) prohibiting particular terms or conditions from being included in insurance policies entered into under a specific class or sub-class of business;

(f) limiting the amount or value of the benefits that may be provided under insurance policies entered into under a specific class or sub-class of business;

(g) limiting the amount of the premiums that the insurer may contract to receive, during a specific period, in respect of all or specific insurance policies entered into by the insurer during that period;

(h) requiring that the provisions of the Memorandum of Incorporation of an insurer that is a company or the equivalent constitution, deed or founding instrument of an insurer that is not a company—

(i) must be suitable to enable it to carry on insurance business; and

(ii) may not be amended without the approval of the Prudential Authority; or

(i) that are reasonably necessary to ensure that the insurance business is conducted in a financially sound manner or in accordance with this Act.

(9) The Prudential Authority may, in the case of a controlling company, impose licensing conditions necessary to achieve the objective of this Act, which may include conditions—

(a) requiring the controlling company of the insurance group to limit its business to the acquiring, holding and managing of another company or companies;

(b) requiring that the provisions of the Memorandum of Incorporation of a controlling company that is a company or the equivalent constitution, deed or founding instrument of a controlling company that is not a company—

(i) must be suitable to enable it to be the controlling company of an insurance group; and

(ii) may not be amended without the approval of the Prudential Authority; or

(c) that are reasonably necessary to ensure that the insurance business is conducted in a financially sound manner or in accordance with this Act.

(b) moet die versekeringsbesigheid waarvoor die versekeraar gelisensieer is, dryf ooreenkomstig die vereistes wat ingevolge hierdie Wet of enige ander Parlementswet ten opsigte van elkeen van die klasse of subklasse voorgeskryf kan word.

(5) 'n Beperkte versekeraar mag nie derdepartyrisiko's verseker nie.

(6) *(a)* Slegs 'n selversekeraar mag versekeringsbesigheid deur selstrukture dryf.

(b) 'n Selversekeraar mag nie—

(i) eerstepartyrisiko's en derdepartyrisiko's in dieselfde selstruktuur verseker nie;

(ii) die risiko's wat met die versekeringsverbintenisse van 'n ander versekeraar gepaard gaan sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid, verseker nie.

(7) *(a)* 'n Herversekeraar wat gelisensieer is om lewens- asook nielewensversekeringsbesigheid te dryf, kan nie gelisensieer word om herversekeringsbesigheid ten opsigte van klasse uiteengesit in Tabel 1 van Bylae 2, te dryf nie.

(b) 'n Herversekeraar gelisensieer om lewensverskerings- of nielewensversekeringsbesigheid of albei te dryf, kan gelisensieer word om versekeringsbesigheid ten opsigte van klas 10 in Tabel 2 van Bylae 2 uiteengesit, regstreeks by 'n mediese skema geregistreer kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), te dryf.

(8) Die Voorsorgowerheid mag, in die geval van 'n versekeraar, lisensiëringsvoorwaardes bykomend tot subartikels (1) tot (7) oplê, wat nodig is om die oogmerke van hierdie Wet te bereik, met inbegrip van voorwaardes—

(a) wat verband hou met die versekeringsbesigheidsreëlings, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die uitbestedingsreëlings of selstrukture wat die versekeraar kan aangaan;

(b) aangaande die persone met wie die versekeraar versekeringsbesigheid mag doen;

(c) aangaande herversekeringsreëlings;

(d) wat die bestek en grootte van die versekeringsbesigheid wat gedryf kan word beperk tot dit wat in die aansoek om 'n lisensie in artikel 23 van hierdie Wet bedoel, uiteengesit is;

(e) wat verbied dat bepaalde bedinge of voorwaardes ingesluit word in versekeringspolisse wat kragtens 'n spesifieke klas of subklas van besigheid afgesluit word;

(f) wat die bedrag of waarde van die voordele wat onder versekeringspolisse wat onder 'n spesifieke klas of subklas van besigheid afgesluit word, voorsien kan word;

(g) wat die bedrag van die premiums beperk wat die versekeraar mag kontrakteer om te ontvang, binne 'n spesifieke tydperk, ten opsigte van alle of bepaalde versekeringspolisse wat die versekeraar in daardie tydperk afsluit;

(h) wat vereis dat die bepalings van die Akte van Oprigting van 'n versekeraar wat 'n maatskappy is of die gelykstaande grondwet, akte of stigtingsakte van 'n versekeraar wat nie 'n maatskappy is nie—

(i) moet geskik wees om die versekeraar in staat te stel om versekeringsbesigheid te dryf; en

(ii) nie sonder die toestemming van die Voorsorgowerheid gewysig kan word nie; of

(i) wat redelikerwys nodig is om te verseker dat die versekeringsbesigheid op 'n finansieel gesonde wyse ooreenkomstig hierdie Wet gedryf word.

(9) Die Voorsorgowerheid kan, in die geval van 'n beheermaatskappy, lisensiëringsvoorwaardes oplê wat nodig is om die oogmerke van hierdie Wet te bereik, met inbegrip van voorwaardes —

(a) wat vereis dat die beheermaatskappy van die versekeringsgroep se besigheid beperk bly die verkryging, hou en bestuur van 'n ander maatskappy of maatskappye;

(b) wat vereis dat die bepalings van die Akte van Oprigting van 'n beheermaatskappy wat 'n maatskappy is of die gelykstaande grondwet, akte of stigtingsakte van 'n beheermaatskappy wat nie 'n maatskappy is nie—

(i) geskik moet wees om die beheermaatskappy in staat te stel om die beheermaatskappy van 'n versekeringsgroep te wees; en

(ii) nie sonder die goedkeuring van die Voorsorgowerheid gewysig kan word nie; of

(c) wat redelik nodig is om te verseker dat die versekeringsbesigheid op 'n finansieel gesonde wyse of ooreenkomstig hierdie Wet gedryf word.

(10) The Prudential Authority may—

(a) impose different conditions in respect of different types or kinds of insurers or controlling companies, and different classes and sub-classes of insurance business; and

(b) impose conditions in a manner that seeks to facilitate the progressive or incremental compliance with this Act by a specific insurer to promote developmental, financial inclusion and transformation objectives.

Variation of licence conditions

26. (1) The Prudential Authority may amend, delete, replace or vary any licensing conditions or impose other or additional licensing conditions—

(a) on application by an insurer or controlling company;

(b) when it is in the public interest, including transformation of the insurance sector;

(c) when, in the case of an insurer, it is in the interests of the policyholders or potential policyholders of the insurer;

(d) when, in the case of a controlling company, it is in the interests of maintaining the financial soundness of any insurer that is part of the insurance group;

(e) when revoking a suspension of a licence;

(f) in the circumstances referred to in section 48; or

(g) in the case of an insurer, if an insurer has ceased to enter into insurance policies relating to a class or sub-class of insurance business, to the extent that its licence for that class or sub-class of insurance business is no longer justified.

(2) An amendment, a deletion, a replacement or a variation of any licensing condition, or the imposition of other licensing conditions pursuant to subsection (1), may be made for a specific period subject to certain conditions being met.

(3) If a variation of licence conditions results in an insurer no longer being licensed for a specific class or sub-class referred to in Schedule 2, the Prudential Authority must direct the insurer to make arrangements to the satisfaction of the Prudential Authority to—

(a) discharge its obligations under all insurance policies entered into in respect of that class or sub-class before the variation;

(b) ensure the orderly resolution of that insurance business of the insurer; or

(c) transfer that insurance business to another insurer under section 50 by a specified date.

(4) The Prudential Authority, on varying, amending or imposing other licensing conditions, must publish a notice thereof on the official website.

Suspension of licence

27. (1) The Prudential Authority may suspend a licence of an insurer or controlling company in full or in part, if it appears to the Prudential Authority, on the basis of available information, that the insurer or controlling company—

(a) no longer meets a licence condition under which it is licensed;

(b) failed to comply with any other condition imposed under this Act or the Financial Sector Regulation Act;

(c) contravened or failed to comply with a provision of this Act or the Financial Sector Regulation Act;

(d) failed to comply with any court order, notice, directive, undertaking, request, determination, decision or exemption given under this Act or the Financial Sector Regulation Act;

(e) failed to make arrangements to the satisfaction of the Prudential Authority to address the non-compliance of a key person with the fit and proper requirements prescribed, or a responsibility, function or requirement imposed on that person under this Act;

(f) failed to give effect to a decision of the Financial Services Tribunal established under the Financial Sector Regulation Act;

(10) Die Voorsorgowerheid kan—

(a) verskillende voorwaardes oplê ten opsigte van verskillende tipes of soorte versekeraars of beheermaatskappye en verskillende klasse en subklasse van versekeringsbesigheid; en

(b) voorwaardes oplê op so 'n wyse dat die progressiewe en toenemende nakoming van hierdie Wet deur 'n spesifieke versekeraar gefasiliteer word om oogmerke vir ontwikkeling, finansiële insluiting en transformasie te bevorder.

Variasie van lisensievoorwaardes

26. (1) Die Voorsorgowerheid kan enige lisensiëringsvoorwaardes wysig, skrap, vervang of afwissel of ander of bykomende lisensiëringsvoorwaardes oplê—

(a) by aansoek deur 'n versekeraar of beheermaatskappy;

(b) wanneer dit in die openbare belang is, met inbegrip van transformasie van die versekeringsektor;

(c) wanneer, in die geval van 'n versekeraar, dit in die belang is van die polishouers of potensiële polishouers van die versekeraar;

(d) wanneer, in die geval van 'n beheermaatskappy, dit in die belang is van die handhawing van die finansiële gesondheid van enige versekeraar wat deel van die versekeringsgroep is;

(e) wanneer 'n opskorting van 'n lisensie teruggetrek word;

(f) in die omstandighede in artikel 48 bedoel; of

(g) in die geval van 'n versekeraar, indien 'n versekeraar opgehou het om versekeringspolisse af te sluit ten opsigte van 'n klas of subklas van versekeringsbesigheid, tot so 'n mate dat sy lisensie vir daardie klas of subklas van versekering nie meer geregverdig is nie.

(2) 'n Wysiging, 'n skrapping, 'n vervanging of 'n wisseling van enige lisensiëringsvoorwaarde, of die oplegging van ander lisensiëringsvoorwaardes ingevolge subartikel (1) kan behoudens voldoening aan sekere voorwaardes vir 'n bepaalde tydperk gedoen word.

(3) Indien 'n variasie van lisensievoorwaardes tot gevolg het dat 'n versekeraar nie meer gelisensieer is vir 'n spesifieke klas of subklas in Bylae 2 bedoel nie, moet die Voorsorgowerheid die versekeraar opdrag gee om reëlings tot bevrediging van die Voorsorgowerheid te tref om—

(a) sy of haar verbintenisse kragtens alle versekeringspolisse af te los wat voor die variasie ten opsigte van daardie klas of subklas afgesluit is;

(b) die ordelike ontbinding van daardie versekeringsbesigheid van die versekeraar te verseker; of

(c) daardie versekeringsbesigheid teen 'n bepaalde datum kragtens artikel 50 van hierdie Wet aan 'n ander versekeraar oor te dra.

(4) Die Voorsorgowerheid, by die verandering, wysiging of oplegging van lisensiëringsvoorwaardes, moet 'n kennisgewing daarvan op die amptelike webwerf publiseer.

Opskorting van lisensie

27. (1) Die Voorsorgowerheid kan 'n lisensie van 'n versekeraar of beheermaatskappy ten volle of gedeeltelik opskort, indien dit vir die Voorsorgowerheid op grond van beskikbare inligting blyk dat die versekeraar of beheermaatskappy—

(a) nie meer voldoen aan 'n lisensievoorwaarde waarkragtens dit gelisensieer is nie;

(b) versuim het om aan enige ander voorwaarde kragtens hierdie Wet of die "Financial Sector Regulation Act" opgelê, te voldoen;

(c) 'n bepaling van hierdie Wet of die "Financial Sector Regulation Act" oortree het of versuim het om daaraan te voldoen;

(d) versuim het om aan enige hofbevel, kennisgewing, lasgewing, verbintenis, versoek, bepaling, besluit of vrywaring kragtens hierdie Wet of die "Financial Sector Regulation Act" gegee, te voldoen;

(e) versuim het om reëlings tot die bevrediging van die Voorsorgowerheid te tref om 'n sleutelpersoon se nienakoming van voorgeskrewe vereistes vir geskiktheid en gepastheid, of 'n verantwoordelikheid, werksaamheid of vereiste kragtens hierdie Wet aan daardie persoon opgelê, te hanteer;

(f) versuim het om gevolg te gee aan 'n besluit van die Tribunaal op Finansiële Dienste kragtens die "Financial Sector Regulation Act" ingestel;

(g) if it were then to apply for licensing under section 23, would not be able to meet the requirements referred to in that section; or

(h) failed to pay levies or fees payable in respect of the licence within 60 days after they became payable.

(2) The Prudential Authority may, at any time, in addition to subsection (1), suspend the licence of a branch of a foreign reinsurer, Lloyd's underwriter or Lloyd's in full or in part, if it appears to the Prudential Authority, on the basis of available information, that the circumstances referred to in section 48 justify the suspension.

(3) *(a)* The Prudential Authority may suspend a licence of an insurer or controlling company under subsection (1) or (2), subject to any condition necessary to achieve the objective of this Act that the Prudential Authority may determine.

(b) The Prudential Authority may revoke any suspension under subsection (1) or (2), if satisfied that the insurer or controlling company has complied with all the conditions to which the suspension was made subject.

(4) *(a)* The Prudential Authority must publish a notice of any suspension, the reasons therefor, and any terms attached thereto on the official website and in any other media that the Prudential Authority deems appropriate.

(b) The suspension of a licence of an insurer or controlling company takes effect on the date specified in the notice referred to in paragraph *(a)*.

(5) *(a)* The Prudential Authority must publish a notice of any revocation of a suspension and the reasons therefor on the official website and in the same media that the suspension notice was published under subsection (4)*(a)*.

(b) The revocation of a suspension of a licence of an insurer or controlling company takes effect on the date specified in the notice referred to in paragraph *(a)*.

Consequences of suspension of licence

28. (1) From the date on which a suspension takes effect as referred to in section 27(4)*(b)*, the Prudential Authority must take all measures necessary to safeguard the interests of policyholders of an insurer or an insurer that is part of an insurance group.

(2) From the date on which a suspension takes effect, the insurer may not enter into new insurance policies in the class or sub-classes to which the suspension relates, but must continue to conduct the insurance business for which it was licensed in respect of insurance policies entered into before the effective date of the suspension.

(3) The Prudential Authority, subsequent to suspending the licence of an insurer or a controlling company, may—

(a) if the insurer or controlling company remedies the circumstances that informed the suspension to the satisfaction of the Prudential Authority within a reasonable period, revoke the suspension and, if appropriate, vary the licence conditions of the insurer or controlling company; or

(b) withdraw the licence.

Withdrawal of licence

29. (1) The Prudential Authority may withdraw a licence of an insurer or controlling company in full or in part, if it appears to the Prudential Authority, on the basis of available information, that—

(a) an insurer or controlling company—

(i) did not furnish all information which is material to an application for a licence;

(ii) made a material misrepresentation to members of the public in connection with the insurance business carried on by it;

(iii) obtained the licence by making false statements or by any other irregular means;

(iv) fails to submit any plan, scheme or strategy required under this Act, or fails to comply with any approved plan, scheme or strategy, or submits a plan, scheme or strategy that is inadequate; or

(g) indien hy dan kragtens artikel 23 van hierdie Wet om lisensiëring sou aansoek doen, nie in staat sou wees om aan die vereistes in daardie artikel bedoel, te voldoen nie; of

(h) versuim het om heffings of tariewe wat ten opsigte van die lisensie betaalbaar is, te betaal binne 60 dae nadat dit betaalbaar geword het.

(2) Die Voorsorgowerheid kan, te eniger tyd, bykomend tot subartikel (1), die lisensie van 'n tak van 'n buitelandse herversekeraar, Lloyd's-onderskrywer of Lloyd's ten volle of gedeeltelik opskort, indien dit op grond van beskikbare inligting vir die Voorsorgowerheid blyk dat die omstandighede in artikel 48 bedoel die opskorting regverdig.

(3) *(a)* Die Voorsorgowerheid kan 'n lisensie van 'n versekeraar of beheermaatskappy kragtens subartikel (1) of (2) opskort behoudens enige voorwaarde nodig om die oogmerke van die Wet te bereik wat die Voorsorgowerheid kan bepaal.

(b) Die Voorsorgowerheid kan enige opskorting kragtens subartikels (1) of (2) intrek, indien die Voorsorgowerheid tevrede is dat die versekeraar of beheermaatskappy aan al die voorwaardes waaraan die opskorting onderwerp is, voldoen het.

(4) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet 'n kennisgewing van enige opskorting, die redes daarvoor en enige voorwaardes daaraan verbonde, op die amptelike webwerf en in enige ander media wat die Voorsorgowerheid gepas ag, publiseer.

(b) Die opskorting van 'n lisensie van 'n versekeraar of beheermaatskappy word van krag op die datum in die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel, vermeld.

(5) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet 'n kennisgewing van enige terugtrekking van 'n opskorting en die redes daarvoor op die amptelike webwerf en in dieselfde media waarin die opskortingskennisgewing kragtens subartikel (4)*(a)* gepubliseer is, publiseer.

(b) Die terugtrekking van 'n opskorting van 'n lisensie van 'n versekeraar of beheermaatskappy word van krag op die datum vermeld in die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel.

Gevolge van opskorting van lisensie

52 of 1998	Long-term Insurance Act	**1.** The substitution of all references in this Act to ''Registrar'' with ''Authority''. **2.** The substitution for section 1 of the following section: ''**Definitions** **1.** (1) In this Act, unless the context otherwise indicates— **''assistance policy''** means a life policy in respect of which the aggregate of— *(a)* the value of the policy benefits, other than an annuity, to be provided (not taking into account any bonuses to be determined in the discretion of the long-term insurer); and *(b)* the amount of the premium in return for which an annuity is to be provided, does not exceed R30 000, or another amount prescribed by the Minister; and includes a reinsurance policy in respect of such a policy; **''Authority''** means the Financial Sector Conduct Authority established by the Financial Sector Regulation Act;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		4. Tlhabololo ya Šejule 2— *(a)* ka go tsenngwa morago ga mola ''*Credit Rating Services Act*, 2012 (Molao 24 wa 2012)'' ga mola o o latelang: *Insurance Act*, 2017 Bothati jwa (Molao 18 wa 2017) Tlhokomelo *(b)* ka tlhabololo ya mola o o latelang mola wa ''*Insurance Act* (Molao 18 wa 2017)'' jaana: *Long-term* Insurance Act (Molao 52 wa 1998) le *Short-term* Insurance Act (Molao 53 wa 1998) Bothati jwa Boitshwaro jwa Lephata la Ditšhelete **[, jaaka fa di amana le merero e e mo maikaelelong a—** ***(a)* Bothati jwa Tlhokomelo** **[Bothati jwa Tlhokomelo** ***(b)* Bothati jwa Boitshwaro jwa Lephata la la Ditšhelete]** **Bothati jwa Boitshwaro jwa Lephata Ditšhelete]**
52 van 1998	Langtermyn-versekeringswet	**1.** Alle verwysings na ''Registrateur'' in hierdie Wet word deur ''Owerheid'' vervang. **2.** Artikel 1 word deur die volgende artikel vervang: ''**Woordomskrywing** **1.** (1) In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken— **'amortisasiepolis'** 'n ander kontrak as 'n lewenspolis, ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om een of meer somme geld, op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum, as polisvoordele te verskaf; en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak; **'amptelike webwerf'** 'n webwerf van die Owerheid;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		"conduct standard" has the same meaning ascribed to it in terms of section 1(1) of the Financial Sector Regulation Act; **"disability event"** means the event of the functional ability of the mind or body of a person or an unborn becoming impaired; **"disability policy"** means a contract in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to provide policy benefits upon a disability event; and includes a reinsurance policy in respect of such a contract; **"Financial Sector Regulation Act"** means the Financial Sector Regulation Act, 2017; **"fund"** means— *(a)* a friendly society as defined in section 1 of the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956); *(b)* a pension fund organization as defined in section 1 of the Pension Funds Act, 1956 (Act No. 24 of 1956); *(c)* a medical scheme as defined in section 1 of the Medical Schemes Act; and *(d)* any other person, arrangement or business prescribed by the Authority; **"fund policy"** means a contract in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to provide policy benefits for the purpose of funding in whole or in part the liability of a fund to provide benefits to its members in terms of its rules, other than such a contract relating exclusively to a particular member of the fund or to the surviving spouse, children, dependants or nominees of a particular member of the fund; and includes a reinsurance policy in respect of such a contract; **"health event"** means an event relating to the health of the mind or body of a person or an unborn;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		'bystandspolis' 'n lewenspolis ten opsigte waarvan die totaal van— *(a)* die waarde van die polisvoordele, behalwe 'n annuïteit, wat verskaf staan te word (sonder inagneming van enige bonusse wat na goeddunke van die langtermynversekeraar bepaal staan te word); en *(b)* die bedrag van die premie in ruil waarvoor 'n annuïteit verskaf staan te word, nie R30 000 oorskry nie, of 'n ander maksimum bedrag deur die Minister voorgeskryf; en ook 'n herverseke-ringspolis ten opsigte van sodanige polis; **'dienste as tussenganger'** wat in die regulasies voorgeskryf word; **'Financial Sector Regulation Act'** die 'Financial Sector Regulation Act', 2017; **'fonds'**— *(a)* 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956); *(b)* 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956); *(c)* 'n mediese skema soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Mediese Skemas; en *(d)* enige ander persoon, reëling of besigheid deur die Owerheid voorgeskryf; **'fondspolis'** 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van 'n fonds se verpligting om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf, behalwe so 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van die fonds of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die fonds; en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak; **'gedragstandaard'** 'conduct standard' soos ingevolge artikel 1(1) van die 'Financial Sector Act' omskryf;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		"health policy" means a contract in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to provide policy benefits upon a health event, and includes a reinsurance policy in respect of such a contract— *(a)* excluding any contract— (i) that provides for the conducting of the business of a medical scheme referred to in section 1 (1) of the Medical Schemes Act; or (ii) of which the policyholder is a medical scheme registered under the Medical Schemes Act, and which contract— *(aa)* relates to a particular member of the scheme or to the beneficiaries of that member; and *(bb)* is entered into by the medical scheme to fund in whole or in part its liability to the member or the beneficiaries of the member referred to in subparagraph *(aa)* in terms of its rules; but *(b)* specifically including, notwithstanding paragraph *(a)* (i), any contracts identified by the Minister by regulation under section 72 (2A) as a health policy; **"independent intermediary"** has the meaning as prescribed in the regulations; **"Insurance Act"** means the Insurance Act, 2017; **"joint standard"** has the same meaning ascribed to it in terms of section 1(1) of the Financial Sector Regulation Act; **"licensed insurer"** means— *(a)* a previously registered insurer as defined in Item 1 of Schedule 3 to the Insurance Act who has been granted a licence under section 23 of the Insurance Act within the period referred to in item 6(2) of Schedule 3 to the Insurance Act; or

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		'gelisensieerde versekeraar'— *(a)* 'n voorheen geregistreerde versekeraar soos omskryf in Item 1 van Bylae 3 tot die Versekeringswet waaraan kragtens artikel 23 van die Versekeringswet 'n lisensie toegestaan is binne die tydperk in item 6(2) van die Bylae 3 tot die Versekeringswet bedoel; of *(b)* iemand wat kragtens artikel 23 van die Versekeringswet gelisensieer is na die datum waarop daardie Wet in werking getree het; **'geregistreerde versekeraar'** 'n voorheen geregistreerde versekeraar soos omskryf in item 1 van Bylae 3 by die Versekeringswet vir die tydperk tussen die datum waarop die Versekeringswet in werking getree het en die goedkeuring of afwysing van die voorheen geregistreerde versekeraar se lisensieaansoek bedoel in item 6(2) van Bylae 3 tot die Versekeringswet; **'gesamentlike standaard'** 'joint standard' soos ingevolge artikel 1(1) van die 'Financial Sector Regulation Act' omskryf; **'gesondheidsgebeurtenis'** 'n gebeurtenis wat betrekking het op die gesondheid van die gees of liggaam van 'n persoon of 'n ongeborene; **'gesondheidspolis'** 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf by 'n gesondheidsgebeurtenis, ook 'n herversekeringskontrak met betrekking tot so 'n kontrak— *(a)* uitgesonderd 'n kontrak— (i) wat voorsiening maak vir die besigheid van 'n mediese skema bedoel in artikel 1(1) van die Wet op Mediese Skemas; of (ii) waarvan die polishouer 'n mediese skema is wat kragtens die Wet op Mediese Skemas, geregistreer is, en welke kontrak— *(aa)* betrekking het op 'n bepaalde lid van die skema of die begunstigdes van sodanige lid; en

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(b) a person who has been licensed under section 23 of the Insurance Act after the date on which that Act commenced; **"life event"** means the event of the life of a person or an unborn— *(a)* having begun; *(b)* continuing; *(c)* having continued for a period; or *(d)* having ended; **"life insured"** means the person or unborn to whose life, or to the functional ability or health of whose mind or body, a long-term policy relates; **"life policy"** means a contract in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to— *(a)* provide policy benefits upon, and exclusively as a result of, a life event; or *(b)* pay an annuity for a period; and includes a reinsurance policy in respect of such a contract; **"long-term insurance business"** means — *(a)* in respect of a registered insurer, the business of providing or undertaking to provide policy benefits under long-term policies; *(b)* in respect of a licensed insurer, life insurance business as defined in section 1 of the Insurance Act; **"long-term insurer"** means a registered insurer or a licensed insurer**;** **"long-term policy"** means— *(a)* in respect of a registered insurer, an assistance policy, a disability policy, fund policy, health policy, life policy or sinking fund policy, or a contract comprising a combination of any of those policies; and includes a contract whereby any such contract is varied; *(b)* in respect of a licensed insurer, a life insurance policy as defined in section 1 of the Insurance Act;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(bb) afgesluit word deur die skema om in die geheel of gedeeltelik sy verpligting teenoor sodanige lid of begunstigdes ingevolge sy reëls te befonds; maar *(b)* spesifiek, ongeag paragraaf *(a)*(i), enige kontrakte insluit soos deur die Minister by regulasie kragtens artikel 72(2A) as 'n gesondheidspolis geïdentifiseer is; **'herroepte Wet'** die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943); **'herversekeringspolis'**— *(a)* met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar, 'n herversekeringspolis met betrekking tot 'n langtermynpolis; *(b)* met betrekking tot 'n gelisensieerde versekeraar, 'n lewensversekeringspolis geskryf onder die herversekeringsklas van lewensversekeringsbesigheid soos in Tabel 1 van Bylae 2 van die Versekeringswet uiteengesit; **'hierdie Wet'** ook enige regulasie uitgevaardig, of aangeleentheid kragtens hierdie Wet voorgeskryf; **'korttermynversekeraar'** dit wat in die Korttermynversekeringswet, 1998, daaraan toegeskryf is; en **'langtermynpolis'**— *(a)* met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar, 'n bystandspolis, ongeskiktheidspolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of amortisasiepolis, of 'n kontrak wat uit 'n kombinasie van enige van daardie polisse bestaan; en ook 'n kontrak waarby so 'n kontrak gewysig word; *(b)* met betrekking tot 'n gelisensieerde versekeraar, 'n lewensersekeringspolis soos in artikel 1 van die Versekeringswet omskryf; **'langtermynversekeraar'** 'n geregistreerde versekeraar of 'n gelisensieerde versekeraar;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		"Medical Schemes Act" means the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998); **"Minister"** means the Cabinet member responsible for finance; **"official website"** means a website of the Authority; **"policy benefits"** means— *(a)* in respect of a registered insurer, one or more sums of money, services or other benefits, including an annuity; *(b)* in respect of a licensed insurer, benefits to which a person is contractually entitled under a life insurance policy arising from an insurer's insurance obligations; **"policyholder"** in respect of a— *(a)* registered insurer, means the person entitled to be provided with the policy benefits under a long-term policy; *(b)* licensed insurer, has the meaning assigned to it in the Insurance Act; **"premium"** in respect of a— *(a)* registered insurer, means the consideration given or to be given in return for an undertaking to provide policy benefits; *(b)* licensed insurer has the meaning assigned to it in the Insurance Act; **"Register"** means the Financial Sector Information Register referred to in section 256 of the Financial Sector Regulation Act; **"registered insurer"** means a previously registered insurer as defined in item 1 of Schedule 3 to the Insurance Act for the period between the date on which the Insurance Act commenced and the previously registered insurer's licence application referred to in item 6(2) of Schedule 3 to the Insurance Act has been granted or not granted; **"regulation"** means a regulation under section 72; **"reinsurance policy"** means— *(a)* in respect of a registered insurer, a reinsurance policy in respect of a long-term policy;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		'langtermynversekeringsbesigheid'— *(a)* met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar, lewensversekeringsbesigheid soos omskryf in artikel 1 van die Versekeringswet, 2016; *(b)* met betrekking tot 'n gelisensieerde versekeraar, 'n lewenspolis soos in artikel 1 van die Versekeringswet omskryf; **'lewensgebeurtenis'** die gebeurtenis waar die lewe van 'n persoon of ongeborene— *(a)* 'n aanvang geneem het; *(b)* voortduur; *(c)* vir 'n tydperk voortgeduur het; of *(d)* geëindig het; **'lewenspolis'** 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om— *(a)* polisvoordele te verskaf by, en uitsluitlik as gevolg van, 'n lewensgebeurtenis; of *(b)* 'n annuïteit vir 'n tydperk te betaal, en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak; **'Minister'** die Kabinetslid verantwoordelik vir finansies; **'onafhanklike tussenganger'** soos in die regulasies beskryf; **'ongeborene'** 'n menslike fetus na bevrugting maar nog nie gebore nie; **'ongeskiktheidsgebeurtenis'** die gebeurtenis waartydens die funksionele vermoë van die verstand of liggaam van 'n persoon of 'n ongeborene ingekort word; **'ongeskiktheidspolis'** 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele in die geval van 'n ongeskiktheidsgebeurtenis te voorsien; en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak; **'Owerheid'** die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor deur die 'Financial Sector Regulation Act' ingestel; **'polishouer'** met betrekking tot 'n— *(a)* geregistreerde versekeraar, die persoon wat daarop geregtig is om van die polisvoordele kragtens 'n langtermynpolis voorsien te word; *(b)* gelisensieerde versekeraar, dit wat in die Versekeringswet daaraan toegeskryf word;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(b) in respect of a licensed insurer, a life insurance policy written under the reinsurance class of life insurance business as set out in Table 1 of Schedule 2 of the Insurance Act; **"repealed Act"** means the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943); **"representative"** has the meaning as prescribed in the regulations; **"services as intermediary"** has the meaning as prescribed in the regulations; **"sinking fund policy"** means a contract, other than a life policy, in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to provide one or more sums of money, on a fixed or determinable future date, as policy benefits; and includes a reinsurance policy in respect of such a contract; **"short-term insurer"** has the meaning assigned to it in the Short-term Insurance Act, 1998; **"this Act"** includes any regulation made, or matter prescribed under this Act; **"Tribunal"** means the Financial Services Tribunal established in terms of section 219 of the Financial Sector Regulation Act; **"unborn"** means a human foetus conceived but not born. (2) For the purposes of entering into a long-term policy the life of an unborn shall be deemed to begin at conception. (3) Unless the context otherwise indicates, words and expressions not defined in subsection (1) have the same meaning ascribed to them in terms of the Financial Sector Regulation Act or Insurance Act. (4) A reference to statutory actuary in this Act must be construed as a reference to the head of the actuarial control function appointed by a long-term insurer in accordance with the Insurance Act.''.

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		'polisvoordele'— *(a)* met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar, een of meer somme geld, dienste of ander voordele, met inbegrip van 'n annuïteit; *(b)* ten opsigte van 'n gelisensieerde versekeraar, voordele waarop 'n persoon volgens kontrak geregtig is kragtens 'n lewensversekeringspolis na aanleiding van 'n versekeraar se versekeringsverpligtinge; **'premie'** met betrekking tot 'n— *(a)* geregistreerde versekeraar, 'n herversekeringspolis ten opsigte van 'n langtermynpolis; *(b)* met betrekking tot 'n gelisensieerde versekeraar, 'n lewensversekeringspolis geskryf onder die herversekeringsklas van lewensversekeringsbesigheid soos in Tabel 1 van Bylae 2 by die Versekeringswet uiteengesit; **'Register'** die Inligtingsregister vir die Finansiële Sektor bedoel in artikel 256 van die ''Financial Sector Regulation Act''; **'regulasie'** 'n regulasie kragtens artikel 72 uitgevaardig; **'Tribunaal'** die Tribunaal vir Finansiële Dienste ingestel ingevolge artikel 219 van die 'Financial Sector Regulation Act'; **'Versekeringswet'** die Versekeringswet, 2017; **'verteenwoordiger'** dit wat in die regulasies daaraan toegeskryf word; en **'Wet op Mediese Skemas'** die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998). (2) Vir die afsluiting van 'n langtermynpolis, word die lewe van 'n ongeborene geag met bevrugting te begin. (3) Tensy dit uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings nie in subartikel (1) omskryf nie, die betekenis ingevolge die ''Financial Sector Regulation Act'' of Versekeringswet daaraan toegeskryf. (4) 'n Enige verwysing na 'n spesifieke tipe polis kragtens hierdie Wet moet geag word 'n verwysing na die klas of subklas van versekeringsbesigheid in Bylae 2 van die Versekeringswet, 2016, uiteengesit wat die meeste met daardie tipe polis ooreenstem, te wees.''.

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		3. The amendment of section 1A— *(a)* by the deletion of subsection (1); *(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection: ''(4) Unless expressly provided otherwise in this Act, or this Act requires a matter to be prescribed by regulation, a reference in this Act to a matter being— *(a)* prescribed must be read as a reference to the matter being prescribed in a conduct standard or a joint standard; or *(b)* determined must be read as a reference to the Authority determining the matter in writing and registering the determination in the Register.''; and *(c)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection: ''(6) The references in section 3(3) to an appeal to the board of appeal established by section 26 of the Financial Services Board Act must be read as a reference to a reconsideration of the decision by the Tribunal in terms of the Financial Sector Regulation Act.''. **4.** The whole of sections 2(2), 2(3), 4(5), 4(7), 7, 8(1), 8(2), 9 – 35, 37 – 43, 48, 52, 53, 56, 59, 60, 67, 69 – 71 and 72(2A), and Schedules 1 and 3 are hereby repealed. **5.** The amendment of section 3— *(a)* by the substitution in subsection (2)*(b)* for subparagraph (i) of the following subparagraph: ''(i) the fees determined under the Financial Sector Regulation Act; and''; and *(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection: ''(4) A person may, upon payment of any fees determined under the Financial Sector Regulation Act**,** inspect only those documents determined by the Authority by notice on the official website, which are held by the Authority under this Act in relation to a long-term insurer or an intermediary, or obtain a copy of or extract from any such document.''.

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		3. Artikel 1A word gewysig— *(a)* deur subartikel (1) te skrap; *(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: "(4) Tensy uitdruklik anders in hierdie Wet bepaal, of tensy hierdie Wet vereis dat 'n aangeleentheid by regulasie voorgeskryf word, moet 'n verwysing in hierdie Wet dat 'n aangeleentheid— *(a)* voorgeskryf word, gelees word as 'n verwysing daarna dat die aangeleentheid in 'n gedragstandaard of 'n gesamentlike standaard voorgeskryf word; of *(b)* bepaal word, gelees word as 'n verwysing daarna dat die Owerheid die aangeleentheid skriftelik bepaal en die bepaling in die Register registreer."; en *(c)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang: "(6) Die verwysings in artikels 3(3) na 'n appèl aan die appèlraad ingestel by artikel 26 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, moet gelees word as 'n verwysing na 'n heroorweging van die besluit deur die Tribunaal ingevolge die 'Financial Sector Regulation Act'.". **4.** Artikels 2(2), 2(3), 4(5), 4(7), 7, 8(1), 8(2), 9 – 35, 37 – 43, 48, 52, 53, 56, 59, 60, 67, 69 – 71 en 72(2A), en Bylaes 1 en 3 word hierby heeltemal herroep. **5.** Artikel 3 word gewysig— *(a)* deur in subartikel (2)*(b)* sub-paragraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang: "(i) die gelde kragtens die 'Financial Sector Regulation Act' bepaal;"; en *(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: "(4) 'n Persoon kan, teen betaling van die gelde kragtens die 'Financial Sector Regulation Act' bepaal, insae kry tot alleenlik daardie dokumente deur die Owerheid by kennisgewing op die amptelike webwerf bepaal, wat die Owerheid kragtens hierdie Wet met betrekking tot 'n langtermynversekeraar of 'n tussenganger hou, of 'n afskrif van of uittreksels uit enige sodanige dokument kry.".

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		6. The amendment of section 8— *(a)* by the substitution of the heading of the section for the following heading: "Prohibition on performance of certain acts, by certain persons"; *(b)* by the substitution for subsection 3 of the following subsection: "(3) Subject to this Act, no person shall render services as intermediary, in relation to a long-term policy, unless— *(a)* long-term insurers are the only underwriters in terms of the long-term policy concerned; or *(b)* that person does so with the approval of the Authority."; and *(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsections: "(4) The Authority may from time to time by notice on the official website or, in the case of any particular person, by notice to such person, subject to such conditions as the Authority determines— *(a)* and specifies in the notice, grant to persons generally or to any particular person or category of persons the approval contemplated in subsection (3)*(b)* to such extent as may be specified by the Authority in the notice; and *(b)* at any time withdraw or amend any such approval to such extent as may be determined by the Authority. (5) Subsection (3) shall not apply in the case of a long-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.". **7.** The substitution of the heading of Part IV for the following: "RETURNS TO AUTHORITY".

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		6. Artikel 8 word gewysig— *(a)* deur die opskrif van die artikel deur die volgende opskrif te vervang: ''Verbod op verrigting van sekere handelinge deur sekere persone''; *(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: ''(3) Behoudens hierdie Wet mag geen persoon dienste as tussenganger in verband met 'n langtermynpolis lewer nie, tensy— *(a)* langtermynversekeraars die enigste onderskrywers met betrekking tot die betrokke langtermynpolis is; of *(b)* daardie persoon dit met die goedkeuring van die Owerheid doen.''; en *(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg: ''(4) Die Owerheid kan van tyd tot tyd by kennisgewing op die amptelike webwerf of, in die geval van 'n bepaalde persoon, by kennisgewing aan daardie persoon, behoudens die voorwaardes wat die Owerheid bepaal— *(a)* en in die kennisgewing spesifiseer, aan persone oor die algemeen of aan enige bepaalde persoon of kategorie persone die goedkeuring in subartikel (3)*(b)* beoog gee tot die mate deur die Owerheid in die kennisgewing gespesifiseer; en *(b)* te eniger tyd sodanige goedkeuring wysig of intrek tot die mate deur die Owerheid bepaal. (5) Subartikel (3) is nie van toepassing op 'n langtermyn-herversekeringspolis nie tensy en tot die mate wat die Owerheid in die *Staatskoerant* bepaal.''. **7.** Die opskrif van Deel IV word deur die volgende opskrif vervang: ''OPGAWES AAN OWERHEID''.

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		8. The amendment of section 36— *(a)* by the substitution in subsection (1) for the words following paragraph *(c)* of the following words: "determined by the Authority by notice on the official website, either generally or in relation to a particular insurer."; and *(b)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words: "If the Authority is satisfied that a return furnished to it in terms of subsection (1) is incomplete or incorrect, it may, by notice—". **9.** The substitution for section 45 of the following section: "**Prohibition on inducements** **45.** (1) Unless done in accordance with the rules prescribed under section 62, no person shall provide, or offer to provide, directly or indirectly, any valuable consideration as an inducement to a person to enter into, continue, vary or cancel a long-term policy. (2) Subsection (1) shall not apply in the case of a long-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.". **10.** The insertion after section 47 of the following section: "**Collection of premiums by intermediaries** **47A.** (1) No independent intermediary shall receive, hold or in any other manner deal with premiums payable under a long-term policy entered into or to be entered into with a long-term insurer and no such long-term insurer shall permit such independent intermediary to so receive, hold or in any other manner deal with such premiums— *(a)* unless authorised to do so by the long-term insurer concerned as prescribed by regulation; and *(b)* otherwise than in accordance with the regulations.

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		8. Artikel 36 word gewysig— *(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(c)* volg deur die volgende woorde te vervang: "deur die Owerheid bepaal by kennisgewing op die amptelike webwerf, hetsy oor die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde versekeraar."; en *(b)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: "Indien die Owerheid tevrede is dat 'n opgawe ingevolge subartikel (1) aan hom of haar verstrek, onvolledig of nie korrek is nie, kan dit by kennisgewing—". **9.** Artikel 45 word deur die volgende artikel vervang: "**Verbod op aanmoedigings** **45.** (1) Tensy dit ooreenkomstig die reëls kragtens artikel 62 gemaak gedoen word, mag geen persoon regstreeks of onregstreeks enige geldwaardige teenprestasie verskaf, of aanbied om dit te verskaf, as 'n aanmoediging aan 'n ander persoon om 'n langtermynpolis, behalwe 'n herversekeringspolis, af te sluit, van krag te hou, te wysig of te kanselleer nie. (2) Subartikel (1) is nie van toepassing in die geval van 'n langtermynherversekeringspolis nie tensy en tot die mate wat die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* aldus bepaal.". **10.** Die volgende artikel word na artikel 47 ingevoeg: "**Invordering van premies deur tussengangers** **47A.** (1) Geen onafhanklike tussenganger mag premies ontvang, hou of op enige ander wyse hanteer wat kragtens 'n langtermynpolis afgesluit met, of wat afgesluit staan te word met, 'n langtermynversekeraar betaalbaar is, en geen sodanige langtermynversekeraar mag sodanige onafhanklike tussenganger toelaat om sodanige premies te ontvang, te hou of op enige ander wyse te hanteer nie— *(a)* tensy daartoe gemagtig deur die betrokke langtermynversekeraar soos by regulasie voorgeskryf; en

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(2) Subsection (1) shall not apply in the case of a long-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.''. **11.** The substitution for section 49 of the following section: ''**Limitation of remuneration** **49.** No consideration shall be— *(a)* offered or provided by a long-term insurer or a person on behalf of a long-term insurer to an independent intermediary or any other person; or *(b)* accepted by an independent intermediary or other person, for rendering services referred to in the regulations, other than commission or remuneration contemplated in the regulations and otherwise than in accordance with the regulations.''. **12.** The amendment of section 49A— *(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection: ''(1) A long-term insurer may in terms of a written agreement only, and in accordance with any requirements, limitations or prohibitions that may be prescribed by regulation, allow another person to do any one or more of the following on behalf of that insurer: *(a)* Enter into, vary or renew a long-term policy on behalf of that insurer; *(b)* determine the wording of a long-term policy; *(c)* determine premiums under a long-term policy; *(d)* determine the value of policy benefits under a long-term policy; *(e)* settle claims under a long-term policy.''; and *(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection: ''(1A) Subsection (1) shall not apply in the case of a long-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.''.

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(b) andersins as ooreenkomstig die regulasies. (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie in die geval van 'n langtermynversekeringspolis tensy en tot die mate wat die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* aldus bepaal.''. **11.** Artikel 49 word deur die volgende artikel vervang: ''**Beperking op vergoeding** **49.** Geen teenprestasie— *(a)* word deur 'n langtermynversekeraar of 'n persoon namens die langtermynversekeraar aangebied of verskaf aan 'n onafhanklike tussenganger of enige ander persoon; of *(b)* deur 'n onafhanklike tussenganger aanvaar vir dienste in die regulasies bedoel gelewer, behalwe kommissie of vergoeding in die regulasies beoog en andersins as ooreenkomstig die regulasies nie.''. **12.** Artikel 49A word gewysig— *(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: ''(1) 'n Langtermynversekeraar kan, slegs ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms, en ooreenkomstig enige vereistes, beperkings of verbiedinge wat by regulasie voorgeskryf word, 'n ander persoon toelaat om een of meer van die volgende namens daardie versekeraar te doen: *(a)* Namens daardie versekeraar 'n langtermynpolis afsluit, wysig of hernu; *(b)* die bewoording van 'n langtermynpolis bepaal; *(c)* premies kragtens 'n langtermynpolis bepaal; *(d)* die waarde van polisvoordele kragtens 'n langtermynpolis bepaal; *(e)* eise kragtens 'n langtermynpolis afhandel.''; en *(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: ''(1A) Subartikel (1) is nie van toepassing nie in die geval van 'n langtermynversekeringspolis tensy en tot die mate wat die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* aldus bepaal.''.

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		13. The substitution for section 51 of the following section: "**Policy suspended until payment of first premium** **51.** (1) The undertaking of a long-term insurer to provide policy benefits under a long-term policy, shall be suspended until the long-term insurer has received, if there— *(a)* is to be one premium, that premium; or *(b)* are to be two or more premiums, the first of those premiums, or until arrangements to its satisfaction have been made for the provision of the premium by debit order, stop order, credit card or other instrument approved by the Authority generally by notice on the official website. (2) Subsection (1) shall not apply to— *(a)* a fund policy in the case of a registered insurer; and *(b)* a life insurance policy written under the fund risk class of life insurance business as set out in Table 1 of Schedule 2 of the Insurance Act in the case of a licensed insurer. (3) Subsection (1) shall not apply in the case of a long-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.". **14.** The amendment of section 55 by the substitution for subsection (1) of the following subsection: "(1) A long-term insurer shall not undertake to provide, or provide, policy benefits in terms of a long-term policy in the event of the death of an unborn, or of a minor before that minor attains the age of 14 years, the value of which, on its own or when added to the value of policy benefits or similar benefits which to its knowledge are to be provided in that event by a long-term insurer or a short-term insurer or a friendly society in terms of any policy, exceeds, in the event of the death—

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		13. Artikel 51 word deur die volgende artikel vervang: "**Polis opgeskort totdat eerste premie betaal is** **51.** (1) Die onderneming van 'n langtermynversekeraar om kragtens 'n ander langtermynpolis as 'n fondspolis of 'n herversekeringspolis polisvoordele te verskaf, is opgeskort totdat die langtermynversekeraar, indien daar— *(a)* 'n enkelpremie moet wees, daardie premie; of *(b)* twee of meer premies moet wees, die eerste van daardie premies, ontvang het, of totdat reëlings ten genoeë van hom haar getref is vir die verskaffing van die premie by wyse van debietorder, stoporder, kredietkaart of ander instrument deur die Owerheid in die algemeen by kennisgewing op die amptelike webwerf goedgekeur. (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op— *(a)* 'n fondspolis in die geval van 'n geregistreerde versekeraar; en *(b)* 'n lewensversekeringspolis geskryf onder die fondsrisikoklas van lewensversekeringsbesigheid soos in Tabel 1 van Bylae 2 van die Versekeringswet uiteengesit in die geval van 'n gelisensieerde versekeraar. (3) Subartikel (1) is nie van toepassing in die geval van 'n langtermynpolis nie tensy en tot die mate wat die Owerheid aldus in die *Staatskoerant* bepaal.". **14.** Artikel 55 word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: "(1) 'n Langtermynversekeraar mag nie ingevolge 'n lewenspolis of bystandspolis onderneem om polisvoordele te verskaf, of polisvoordele verskaf, in die geval van die afsterwe van 'n ongeborene, of van 'n minderjarige voordat daardie minderjarige die ouderdom van 14 jaar bereik nie, waarvan die waarde opsigselfstaande of wanneer saamgevoeg by die waarde van polisvoordele wat tot sy kennis in daardie geval deur 'n langtermynversekeraar of 'n korttermynversekeraar of 'n onderlinge hulpvereniging ingevolge enige polis verskaf staan te word, in die geval van die afsterwe—

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(a) of that unborn, or of that minor before he or she attains the age of six years, R20 000; or *(b)* of that minor after he or she attains the age of six years but before he or she attains the age of 14 years, R50 000, or such other amount prescribed by the Minister: Provided that this section shall not apply to or prohibit the allocation of profit in respect of such policies on the lives of minors, which allocation does not exceed the profits allocated to other such policies on the lives of persons who are not minors.''. **15.** The amendment of section 62— *(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph: ''*(a)* prescribe rules not inconsistent with this Act, aimed at ensuring for the purpose of policyholder protection that policies are entered into, executed and enforced in accordance with sound insurance principles and practice in the interests of the parties and in the public interest generally;''; *(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph: ''*(b)* that the policy and particular information in relation to a policy shall be made known in a particular manner to prospective policyholder or policyholder, and what the legal consequences shall be if that is not done;''; *(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(e)* of the following paragraph: ''*(e)* for standardised wording, definitions or provisions that must be or may not be included in policies;''; *(d)* by the insertion in subsection (2) after paragraph *(e)* of the following paragraphs:

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(a) van daardie ongeborene, of van daardie minderjarige voordat hy of sy die ouderdom van ses jaar bereik, R20 000; of *(b)* van daardie minderjarige nadat hy of sy die ouderdom van ses jaar bereik, maar voordat hy of sy die ouderdom van 14 jaar bereik, R50 000, oorskry nie of die ander bedrag deur die Minister voorgeskryf: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is nie op die toedeling van winste of dit belet ten opsigte van sodanige polisse op die lewens van minderjariges, welke toedeling nie die winste oorskry wat toegedeel word aan ander sodanige polisse op die lewens van persone wat nie minderjariges is nie.''. **15.** Artikel 62 word gewysig— *(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(a)* reëls voorskryf wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, wat daarop gemik is om vir die doel van polishouerbeskerming te verseker dat polisse afgesluit, verlei en afgedwing word ooreenkomstig gesonde versekeringsbeginsels en -praktyk in die belang van die partye en in die openbare belang in die algemeen;''; *(b)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(b)* dat die polis en besondere inligting met betrekking tot 'n polis op 'n besondere wyse aan 'n voorgenome polishouer of polishouer bekend gemaak moet word, en wat die regsgevolge is indien dit nie gedoen word nie;''; *(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(e)* vir gestandaardiseerde bewoording, omskrywings of bepalings wat in polisse ingesluit moet word of nie mag word nie;''; *(d)* deur in subartikel (2) die volgende paragrawe na paragraaf *(e)* in te voeg:

CONTINUES ON PAGE 130 - PART 2

Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 631 | Cape Town Kaapstad | 18 January 2018 | No. 41388

PART 2 OF 2

THE PRESIDENCY

No. 32 18 January 2018

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 18 of 2017: Insurance Act, 2017

DIE PRESIDENSIE

No. 32 18 Januarie 2018

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 18 van 2017: Versekeringswet, 2017

ISSN 1682-5843

9 771682 584003 41388

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		''*(f)* for principles and requirements relating to any advertisement, brochure or similar communication which relates to the business of a long-term insurer, or to a long-term policy; *(g)* for principles and requirements relating to claims handling, complaints handling and dispute resolution applicable to long-term insurers; *(h)* for principles and requirements relating to the manner and form in which policy benefits must be provided; *(i)* for principles and requirements relating to misrepresentation in relation to a long-term policy; *(j)* for requirements relating to the validity of a contract under a long-term policy; *(k)* for principles and requirements relating to non-payment of premiums and grace periods in relation to a long-term policy, and related disclosures to policyholders; *(l)* for principles and requirements relating to insurance product design and ongoing review of insurance product performance to ensure the fair treatment of policyholders; *(m)* for principles and requirements relating to a long-term insurer's dealings with intermediaries; *(n)* for principles and requirements relating to data management in order to appropriately identify, assess, measure and manage the conduct of business risks associated with its insurance business to ensure the fair treatment of policyholders; and *(o)* for principles and requirements relating to the termination of policies.'';

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		"*(f)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot enige advertensie, brosjure of soortgelyke kommunikasie wat verband hou met die besigheid van 'n langtermynversekeraar, of op 'n langtermynpolis; *(g)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot hantering van eise, hantering van klagtes en geskilbeslegting van toepassing op langtermynversekeraars; *(h)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot die wyse en vorm waarop polisvoordele voorsien moet word; *(i)* vir beginsels en vereistes wat verband hou met 'n wanvoorstelling met betrekking tot 'n langtermynpolis; *(j)* vir vereistes met betrekking tot die geldigheid van 'n kontrak kragtens 'n langtermynpolis; *(k)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot niebetaling van premies en grasietydperke met betrekking tot 'n langtermynpolis, en verwante openbaarmakings aan polishouers; *(l)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot ontwerp van versekeringsprodukte en voortgesette hersiening van versekeringsprodukprestasie om die regverdige behandeling van polishouers te verseker; *(m)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot 'n langtermynversekeraar se transaksies met tussengangers; *(n)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot databestuur ten einde die hantering van besigheidsrisiko's wat met sy of haar versekeringsbesigheid gepaard gaan gepas te identifiseer, assesseer, meet en bestuur ten einde die regverdige behandeling van polishouers te verseker; en *(o)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot die beëindiging van polisse."; *(e)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: "(3) Reëls in subartikel (2) bedoel kan— *(a)* in die algemeen van toepassing wees; of

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(e) by the substitution for subsection (3) of the following subsection: ''(3) Rules referred to in subsection (2) may— *(a)* apply generally; *(b)* be limited in application to a particular kind or type of policies, long-term insurers or long-term insurance business; or *(c)* differentiate between different kinds of insurers, policies, contracts, and services.''; and *(f)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection: ''(5) Any rule promulgated by the Minister prior to the commencement of the Financial Services Laws General Amendment Act, 2013, must be regarded as having been prescribed under this section, and remains valid and enforceable until repealed or amended by the Authority.''. **16.** The substitution for subsection (1) of section 63 of the following subsection: ''(1) Subject to subsections (2), (3) and (4), the policy benefits provided or to be provided to a person under one or more— *(a)* in respect of a registered insurer, assistance, life, disability or health policies; or *(b)* in the case of a licensed insurer, policies written under the risk, fund risk, credit life, funeral, life annuities, individual investment or income drawdown class of life insurance business as set out in Table 1 of Schedule 2 of the Insurance Act, in which that person or the spouse of that person is the life insured and which has or have been in force for at least three years (or the assets acquired exclusively with those policy benefits) shall, other than for a debt secured by the policy— (i) during his or her lifetime, not be liable to be attached or subjected to execution under a judgment of a court or form part of his or her insolvent estate; or

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(b) otherwise than in accordance with the regulations. (2) Subsection (1) shall not apply in the case of a short-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.''. **12.** The substitution for section 48 of the following section: ''**Limitation of remuneration** **48.** No consideration shall be— *(a)* offered or provided by a short-term insurer or a person on behalf of a short-term insurer to an independent intermediary or any other person; or *(b)* accepted by an independent intermediary or other person, for rendering services referred to in the regulations, other than commission or remuneration contemplated in the regulations and otherwise than in accordance with the regulations.''. **13.** The amendment of section 48A— *(a)* by the substitution of all references in this section to ''short-term insurer or a Lloyd's underwriter'' with ''short-term insurer''; *(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection: ''(1) A short-term insurer may, in terms of a written agreement only, and in accordance with any requirements, limitations or prohibitions that may be prescribed by regulation, allow another person to do any one or more of the following on behalf of that insurer: *(a)* Enter into, vary or renew a short-term policy on behalf of that insurer; *(b)* determine the wording of a short-term policy; *(c)* determine premiums under a short-term policy; *(d)* determine the value of policy benefits under a short-term policy; *(e)* settle claims under a short-term policy.''; and

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(b) anders as ooreenkomstig die regulasies. (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie in die geval van ’n korttermynherversekeringspolis tensy en tot die mate wat die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* aldus voorskryf.’’. **12.** Artikel 48 word deur die volgende artikel vervang: ‘‘**Beperking op vergoeding** **48.** Geen teenprestasie word— *(a)* deur ’n korttermynversekeraar of enige persoon namens sodanige versekeraar aangebied of verskaf aan ’n onafhanklike tussenganger of enige ander persoon; of *(b)* deur ’n onafhanklike tussenganger of enige ander persoon aanvaar, vir die lewer van dienste in die regulasies beoog nie, behalwe kommissie of teenprestasie beoog in die regulasies en vir dienste as tussenganger gelewer andersins as ooreenkomstig die regulasies nie.’’. **13.** Artikel 48A word gewysig— *(a)* deur alle verwysings in hierdie artikel na ‘‘korttermynversekeraar of Lloyd’s-onderskrywer’’ deur ‘‘korttermynversekeraar’’ te vervang; *(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: ‘‘(1) ’n Korttermynversekeraar of ’n Lloyd’s-onderskrywer kan, slegs ingevolge ’n skriftelike ooreenkoms, en ooreenkomstig enige vereistes, beperkings of verbiedinge wat by regulasie voorgeskryf word, ’n ander persoon toelaat om enige een of meer van die volgende namens daardie versekeraar te doen: *(a)* Namens daardie versekeraar of Lloyd’s-onderskrywer ’n korttermynpolis, behalwe ’n korttermynherversekeringspolis, afsluit, wysig of hernu; *(b)* die bewoording van ’n korttermynpolis bepaal; *(c)* premies kragtens ’n korttermynpolis bepaal; *(d)* die waarde van polisvoordele kragtens ’n korttermynpolis bepaal; *(e)* eise kragtens ’n korttermynpolis afhandel.’’; en

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(c) the insertion after subsection (1) of the following subsection: "(1A) Subsection (1) shall not apply in the case of a short-term reinsurance policy unless and to the extent that the Authority so determines by notice in the *Gazette*.". **14.** The substitution of section 50 for the following section: "**Limitation on policy benefits in event of death of unborn or of certain minors** **50.** A short-term insurer shall not undertake to provide, or provide, policy benefits, in terms of— *(a)* in respect of a registered insurer, an accident and health policy; or *(b)* in respect of a licensed insurer, a non-life policy written under the accident and health class of non-life insurance business as set out in Table 2 of Schedule 2 of the Insurance Act, in the event of the death of an unborn, or of a minor before that minor attains the age of 14 years, the value of which, on its own or when added to the value of policy benefits which to its knowledge are to be provided in that event by a short-term insurer or a long-term insurer or a friendly society in terms of any policy, exceeds, in the event of the death— *(c)* of that unborn, or of that minor before he or she attains the age of six years, R20 000; or *(d)* of that minor after he or she attains the age of six years but before he or she attains the age of 14 years, R50 000, or such other amount prescribed by the Minister.". **15.** The amendment of section 55— *(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph: "*(a)* prescribe rules not inconsistent with this Act, aimed at ensuring for the purpose of policyholder protection that policies are

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(c) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: "(1A) Subartikel (1) is nie van toepassing nie in die geval van 'n korttermynherversekeringspolis tensy en tot die mate wat die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.". **14.** Artikel 50 word deur die volgende artikel vervang: "**Beperking op polisvoordele in geval van afsterwe van ongeborene of van sekere minderjariges** **50.** 'n Korttermynversekeraar mag nie onderneem om polisvoordele te verskaf, of polisvoordele verskaf— *(a)* ten opsigte van 'n geregistreerde versekeraar, 'n ongevalle- en gesondheidspolis; of *(b)* ten opsigte van 'n gelisensieerde versekeraar, 'n nielewens-versekeringspolis geskryf kragtens die ongevalle- en gesondheidsklas van nielewensversekeringsbesigheid soos in Tabel 2 van Bylae 2 uiteengesit, in die geval van die afsterwe van 'n ongeborene, of van 'n minderjarige voordat daardie minderjarige die ouderdom van 14 jaar bereik nie, waarvan die waarde opsigselfstaande of wanneer saamgevoeg by die waarde van polisvoordele wat tot sy kennis in daardie geval deur 'n korttermynversekeraar of 'n langtermynversekeraar of 'n onderlinge hulpvereniging ingevolge enige polis verskaf staan te word, in die geval van die afsterwe— *(a)* van daardie ongeborene, of van daardie minderjarige voordat hy of sy die ouderdom van ses jaar bereik, R20 000; of *(b)* van daardie minderjarige nadat hy of sy die ouderdom van ses jaar bereik, maar voordat hy of sy die ouderdom van 14 jaar bereik, R50 000, oorskry nie of die ander bedrag deur die Minister voorgeskryf.". **15.** Artikel 55 word gewysig— *(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang: "*(a)* reëls maak wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie wat daarop gemik is

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		entered into, executed and enforced in accordance with sound insurance principles and practice in the interests of the parties and in the public interest generally;''; *(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph: ''*(b)* that the policy and particular information in relation to a policy shall be made known in a particular manner to prospective policyholder or policyholder, and what the legal consequences shall be if that is not done;''; *(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(e)* of the following paragraph: ''*(e)* for standardised wording, definitions or provisions that must be or may not be included in policies;''; *(d)* by the insertion in subsection (2) after paragraph *(e)* of the following paragraphs: ''*(f)* for principles and requirements relating to any advertisement, brochure or similar communication which relates to the business of a short-term insurer, or to a short-term policy; *(g)* for principles and requirements relating to claims handling, complaints handling and dispute resolution applicable to short-term insurers; *(h)* for principles and requirements relating to the manner and form in which policy benefits must be provided; *(i)* for principles and requirements relating to misrepresentation in relation to a short-term policy; *(j)* for requirements relating to the validity of a contract under a short-term policy;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		om, vir die doel van polishouerbeskerming, te verseker dat polisse afgesluit, verlei en afgedwing word ooreenkomstig gesonde versekeringsbeginsels en -praktyk in die belang van die partye en in die openbare belang oor die algemeen;''; *(b)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(b)* dat die polis en besondere inligting met betrekking tot 'n polis op 'n besondere wyse aan 'n voorgenome polishouer of polishouer bekend gemaak moet word, en wat die regsgevolge is indien dit nie gedoen word nie;''; *(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(e)* vir gestandaardiseerde bewoording, omskrywings of bepalings wat in polisse ingesluit moet word;''; *(d)* deur in subartikel (2) die volgende paragrawe na paragraaf *(e)* in te voeg: ''*(f)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot enige advertensie, brosjure of soortgelyke kommunikasie wat met die besigheid van 'n korttermynversekeraar, of met 'n korttermynpolis, verband hou; *(g)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot die hantering van eise, die hantering van klagtes en geskilbeslegting van toepassing op korttermynversekeraars; *(h)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot die wyse en vorm waarop polisvoordele voorsien moet word; *(i)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot wanvoorstelling in verband met 'n korttermynpolis; *(j)* vir vereistes met betrekking tot die geldigheid van 'n kontrak kragtens 'n korttermynpolis;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(k) for principles and requirements relating to non-payment of premiums and grace periods in relation to a short-term policy, and related disclosures to policyholders; *(l)* for principles and requirements relating to insurance product design and ongoing review of insurance product performance to ensure the fair treatment of policyholders; *(m)* for principles and requirements relating to a short-term insurer's dealings with intermediaries; *(n)* for principles and requirements relating to data management in order to appropriately identify, assess, measure and manage the conduct of business risks associated with its insurance business to ensure the fair treatment of policyholders; and *(o)* for principles and requirements relating to the termination of policies."; *(e)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection: "(3) Rules referred to in subsection (2) may— *(a)* apply generally; *(b)* be limited in application to a particular kind or type of policies, short-term insurers or short-term insurance business; or *(c)* differentiate between different kinds of insurers, policies, contracts and services."; and *(f)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection: "(5) Any rule promulgated by the Minister prior to the commencement of the Financial Services Laws General Amendment Act, 2013, must be regarded as having been prescribed under this section, and remains valid and enforceable until repealed or amended by the Authority.".

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(k) vir beginsels en vereistes met betrekking tot niebetaling van premies en grasietydperke in verband met 'n korttermynpolisse, en verwante bekendmakings aan polishouers; *(l)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot versekeringsprodukontwerp en voortgesette hersiening van versekeringsprodukprestasie om te verseker dat polishouers billik behandel word; *(m)* vir beginsels en vereistes in verband met 'n korttermyn-versekeraar se transaksies met tussengangers; *(n)* vir beginsels en vereistes met betrekking tot data-bestuur ten einde die dryf van besigheidsrisiko's wat met sy versekerings-besigheid gepaard gaan om te verseker dat polishouers billik behandel word; en *(o)* vir beginsels en vereistes in verband met die beëindiging van polisse.''; *(e)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: ''(3) Reëls in subartikel (2) bedoel mag— *(a)* in die algemeen van toe-passing wees; of *(b)* in toepassing beperk wees tot 'n bepaalde soort of tipe polisse, korttermyn-versekeraars of korttermyn-versekeringsbesigheid; of *(c)* onderskeid tref tussen verskillende soorte versekeraars, polisse, kontrakte en dienste.''; en *(f)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: ''(5) Enige reël deur die Minister uitgevaardig voor die inwerkingtreding van die Algemene Wysigingswet op Wette op Finansiële Dienste, 2013, moet geag word kragtens hierdie artikel gemaak te wees en bly geldig en afdwingbaar totdat die Registrateur dit herroep of wysig.''.

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		16. The substitution for section 64 of the following section: "**Offences by persons other than short-term insurers** **64.** (1) A person, other than a short-term insurer, who— *(a)* contravenes or fails to comply with a provision of section 43(1), 44, 45 or 48; *(b)* furnishes false information in relation to an application for approval under a provision of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R5 million or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and such imprisonment. (2) A person, other than a short-term insurer, who contravenes or fails to comply with a provision of section 8(2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R10 million or to imprisonment for a period not exceeding 10 years, or to both such fine and such imprisonment.". **17.** The insertion of section 66 of the following section: "**Penalty for failure to furnish the Authority with returns etc.** **66.** (1) *(a)* A person who fails to furnish the Authority with a return, information or document, as provided by this Act, within a specified period or the period determined by the Authority by notice on the official website, or any extension thereof, shall, irrespective of any criminal proceedings instituted against the person under this Act, be liable to a penalty not exceeding R5 000 for every day during which the failure continues, unless the Authority, on good cause shown, waives the penalty or any part thereof.

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		16. Artikel 64 word deur die volgende artikel te vervang: "**Misdrywe deur ander persone as korttermynversekeraars** **64.** (1) 'n Ander persoon as 'n korttermynversekeraar wat— *(a)* 'n bepaling van 'n kennisgewing, lasgewing of versoek in artikel 43(1), 44, 45 of 48 bedoel, oortree of versuim om daaraan te voldoen; *(b)* vals inligting verstrek met betrekking tot 'n aansoek om goedkeuring kragtens 'n bepaling van hierdie Wet, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 miljoen of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf. (2) 'n Ander persoon as 'n korttermynversekeraar wat 'n bepaling van artikel 8(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 miljoen of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.". **17.** Artikel 66 word deur die volgende artikel vervang: "**Straf vir versuim om opgawes ens aan Registrateur te verstrek** **66.** (1) *(a)* 'n Persoon wat versuim om 'n opgawe, inligting of dokument, soos by hierdie Wet bepaal, binne die voorgeskrewe of bepaalde tydperk of enige verlenging daarvan, aan die Owerheid te verstrek, is, ongeag enige strafregtelike vervolging teen die persoon kragtens hierdie Wet ingestel, strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 000 vir elke dag waartydens die versuim voortduur, tensy die Owerheid, om goeie rede aangevoer, van daardie boete of van enige gedeelte daarvan afstand doen.

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(b) The amount referred to in paragraph *(a)* must be adjusted by the Authority annually in order to reflect the Consumer Price Index, as published by Statistics South Africa. (2) A penalty contemplated in subsection (1) shall be imposed by notice by the Authority on the person concerned, and such imposition shall be preceded by the procedures determined by the Authority by notice on the official website to afford such person a reasonable opportunity to be heard, and shall take effect on a date specified in such notice of the Authority which may be a date prior to the date of the notice. (3) A penalty so imposed shall constitute a debt due to the Authority and shall be recoverable by action by the Authority in any court having jurisdiction.''. **18.** The amendment of section 70— *(a)* by the insertion of the subsection number ''(1)'' before the words ''The Minister may make regulations not inconsistent with this Act—''; *(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph: ''*(b)* prescribing services performed by an independent intermediary or any other person on behalf of an insurer that are subject to the regulations, and setting out requirements that apply to such services;''; *(c)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(b)* of the following paragraphs: ''*(b*A*)* prohibiting or limiting classes of persons from performing any service prescribed in accordance with paragraph *(b)*; *(b*B*)* prescribing governance, risk management, internal controls, oversight and operational ability requirements in relation to a service prescribed in accordance with paragraph *(b)*;

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(b) Die bedrag in paragraaf *(a)* bedoel moet jaarliks deur die Owerheid aangepas word ten einde die Verbruikersprysindeks, soos deur Statistiek Suid-Afrika gepubliseer, te weerspieël. (2) 'n Boete in subartikel (1) beoog, word by kennisgewing deur die Owerheid aan die betrokke persoon opgelê en so 'n oplegging word voorafgegaan deur die prosedures deur die Owerheid by kennisgewing op die amptelike webwerf voorgeskryf om aan so 'n persoon 'n redelike geleentheid te gun om aangehoor te word en tree in werking op 'n datum in so 'n kennisgewing van die Owerheid vermeld wat 'n datum voor die datum van die kennisgewing kan wees. (3) 'n Boete aldus opgelê, maak 'n skuld aan die Owerheid verskuldig, uit en is by aksie deur die Owerheid invorderbaar in enige hof wat regsbevoegdheid het.''. **18.** Artikel 70 word gewysig— *(a)* deur die subartikel nommer ''(1)'' in te voeg voor die die woorde: ''Die Minister kan regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet strydig is nie—''; *(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(b)* wat dienste voorskryf wat deur 'n onafhanklike tussenganger of enige ander persoon namens 'n versekeraar verrig kan word wat aan die regulasies onderhewig is, en wat vereistes uiteensit wat op sodanige dienste van toepassing is;''; *(c)* deur in subartikel (1) die volgende paragrawe na paragraaf *(b)* in te voeg: ''*(b*A*)* wat sekere klasse persone daarvan verbied of beperk om enige diens beskryf ooreenkomstig paragraaf *(b)* te verrig; *(b*B*)* wat vereistes voorskryf vir beheer, risikobestuur, interne beheermaatreëls, toesig en bedryfsvermoë met betrekking tot 'n diens ooreenkomstig paragraaf *(b)* voorgeskryf;

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		*(b*C*)* prescribing requirements relating to notification to or approval by the Authority before entering into or terminating an arrangement in respect of any service prescribed in accordance with paragraph *(b)*; *(b*D*)* prescribing requirements, limitations or prohibitions in respect of any agreement relating to any service prescribed in accordance with paragraph *(b)*;''; *(d)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph: ''*(c)* prescribing periods within which policies and amended policies are to be issued;''; *(e)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(e)* of the following paragraph: ''*(e)* (i) prohibiting or limiting the consideration which may be offered or provided; and (ii) prescribing the timing, manner and conditions under which consideration may be offered or provided, by or on behalf of a short-term insurer to an independent intermediary or any other person, for rendering services prescribed in accordance with paragraph *(b)*, or to any other person associated in business with or related within the second degree of consanguinity or affinity to the independent intermediary or other person who has rendered or is to render such services;''; *(f)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(f)* of the following paragraph: ''*(f)* (i) prohibiting consideration that may be accepted; and

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		*(b*C*)* wat vereistes voorskryf met betrekking tot kennisgewing aan of goedkeuring deur die Owerheid voordat 'n reëling ten opsigte van enige diens ooreenkomstig paragraaf *(b)* voorgeskryf, aangegaan of beëindig word; *(b*D*)* wat vereistes, beperkings of verbiedinge voorskryf ten opsigte van enige ooreenkoms met betrekking tot enige diens ooreenkomstig paragraaf *(b)* voorgeskryf;''; *(d)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(c)* wat tydperke voorskryf waarbinne polisse en gewysigde polisse uitgereik moet word;''; *(e)* deur in subartikel (1) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(e)* (i) wat die teenprestasie wat aangebied of verskaf kan word, verbied of beperk; en (ii) wat die tydsberekening, wyse en omstandighede voorskryf waaronder teenprestasie aangebied of verskaf kan word, deur of namens 'n korttermynversekeraar of 'n Lloyd's-onderskrywer aan enige persoon vir dienste as tussenganger gelewer, of aan 'n ander persoon wat sakebetrekkinge het met of binne die tweede graad van bloed- of aanverwantskap verwant is aan 'n persoon wat sodanige dienste gelewer het of moet lewer;''; *(f)* deur in subartikel (1) paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang: ''*(f)* (i) wat teenprestasie wat aanvaar kan word verbied; en

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(ii) prescribing the timing, manner and conditions under which consideration may be accepted, by an independent intermediary or other person for rendering services prescribed in accordance with paragraph *(b)*, or by any other person associated in business with or related within the second degree of consanguinity or affinity to the independent intermediary or other person who has rendered or is to render such services;''; *(g)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(f)* of the following paragraphs: ''*(f*A*)* prescribing different classes of persons to whom consideration contemplated in paragraphs *(e)* and *(f)* may be offered or provided, for such services rendered or to be rendered;''; *(h)* by the substitution in subsection (1)*(g*A*)* for subparagraph (iii) of the following subparagraph: ''(iii) any consideration that may be offered or provided from, by or on behalf of a short-term insurer to a person that enters into an agreement contemplated in section 48A(1) with a short-term insurer;''; *(i)* by the substitution in subsection (1)*(g*A*)* for subparagraph (v) of the following subparagraph: ''(v) the circumstances under which a person who has entered into an agreement contemplated in section 48A(1) may render services in respect of a policy not referred to that person by the relevant insurer or an independent intermediary, and''; *(j)* by the insertion in subsection (1)*(g*A*)* after subparagraph (v) of the following subparagraph: ''(vi) governance, risk management, internal controls, oversight and operational ability;''; and

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(ii) wat die tydsberekening, wyse en omstandighede voorskryf waaronder teenprestasie aanvaar kan word, deur 'n onafhanklike tussenganger of ander persoon vir dienste gelewer ooreenkomstig paragraaf *(b)* voorgeskryf, of aan 'n ander persoon wat sake-betrekkinge het met of binne die tweede graad van bloed- of aanverwantskap verwant is aan die onafhanklike tussenganger of ander persoon wat sodanige dienste gelewer het of moet lewer;''; *(g)* deur in subartikel (1) die volgende paragraaf na paragraaf *(f)* in te voeg: ''*(f*A*)* wat verskillende klasse persone aan wie teenprestasie in paragrawe *(e)* en *(f)* beoog aangebied of verskaf kan word, vir sodanige dienste wat gelewer is of gelewer moet word;''; *(h)* deur in subartikel (1)*(g*A*)* subparagraaf (iii) deur die volgende subparagraaf te vervang: ''(iii) enige teenprestasie wat aangebied of verskaf word van, deur of namens 'n korttermynversekeraar of Lloyd's-onderskrywer aan 'n persoon wat 'n ooreenkoms beoog in artikel 48A(1) met 'n korttermynversekeraar aangaan;''; *(i)* deur in subartikel (1)*(g*A*)* subparagraaf *(v)* deur die volgende subparagraaf te vervang: ''(v) die omstandighede waaronder 'n persoon wat 'n ooreenkoms beoog in artikel 48A(1) aangegaan het, dienste kan lewer ten opsigte van 'n polis wat nie deur die betrokke versekeraar of 'n onafhanklike tussenganger na daardie persoon verwys is nie; en''; *(j)* deur in subartikel (1)*(g*A*)* die volgende subparagraaf na subparagraaf (v) in te voeg: ''(vi) beheer, risikobestuur, interne beheermaatreëls, toesig en operasionele vermoë;''; en

No. and year of Act	*Short title*	*Extent of amendment or repeal*
		(k) by the insertion in subsection (2) after paragraph *(b)* of the following paragraph: "*(b*A*)* empower the Authority to prescribe certain matters as specified in the Regulations; and". **19.** The amendment of the Arrangement of Sections— *(a)* by the deletion of all references to sections that are repealed by this Act; *(b)* by the substitution of section 8 with the following: "**8. Prohibition on performance of certain acts, by certain persons**"; and *(c)* by the substitution of Part IV with the following: "PART IV RETURNS TO AUTHORITY". **20.** The substitution for the long title of the Act of the following: "**To provide for a legal framework for the regulation of conduct of business supervision of short-term insurers in the Republic, that is consistent, to the extent practicable, with international standards for insurance regulation and supervision; for the control of certain activities of short-term insurers and intermediaries; and for matters connected therewith.**".

No. en jaar van Wet	*Kort titel*	*Omvang van wysiging of herroeping*
		(k) deur in subartikel (2) die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* in te voeg: "*(b*A*)* die Owerheid magtig om sekere aangeleenthede voor te skryf soos in die regulasies gespesifiseer; en". **19.** Die Indeling van Artikels word gewysig— *(a)* deur al die verwysings na artikels wat deur hierdie Wet herroep word, te skrap; *(b)* deur artikel 8 deur die volgende te vervang: "**8. Verbod op verrigting van sekere handelinge deur sekere persone**"; en *(c)* deur Deel IV deur die volgende te vervang: "DEEL IV OPGAWES AAN OWERHEID". **20.** Deur die lang titel van die Wet deur die volgende te vervang: "**Om voorsiening te maak vir 'n regsraamwerk vir die reëling van besigheidstoesig oor korttermyn-versekeraars in die Republiek wat, sover moontlik, in ooreenstemming is met internasionale standaarde vir versekeringsreëling en toesig; vir die registrasie van korttermyn-versekeraars; vir die beheer van sekere aktiwiteite van korttermyn-versekeraars en tussengangers; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**".

SCHEDULE 2

CLASSES AND SUB-CLASSES

In this Schedule—

"beneficiary" means—

(a) in the case of an insurance policy other than a group insurance policy, the person stated in the insurance policy or a person nominated by the policyholder as the person in respect of whom the insurer should meet the insurance obligations; or

(b) in the case of a group insurance policy—

(i) a member of the association or fund, or an employee; or

(ii) a person nominated by the member referred to in subparagraph (i) in respect of whom the insurer should meet the insurance obligations, which person is not the association, fund or employer;

"fully guaranteed" means where the total insurance obligations under an insurance policy payable at the end date of the insurance policy or, in respect of an annuity, at each annuity instalment, are at the start of the policy—

(a) stated in the insurance policy in Rand terms; or

(b) stated in or ascertainable from the insurance policy with reference to the growth rate used in calculating the policy's investment value or, in the case of an annuity, each annuity installment, which growth rate is stated in the insurance policy as a fixed rate of return or stated return linked to inflation over the full term of the insurance policy;

"fund" means—

(a) in respect of life insurance business—

(i) a friendly society as defined in section 1 of the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956);

(ii) a pension fund organisation as defined in section 1 of the Pension Funds Act, 1956 (Act No. 24 of 1956); and

(b) in respect of non-life insurance business, a medical scheme as defined in section 1 of the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998);

"group" in respect of the classes of insurance business, relates to an insurance policy entered into with—

(a) an autonomous association of persons united voluntarily to meet their common or shared economic and social needs and aspirations (other than obtaining insurance), which association is democratically-controlled;

(b) an employer; or

(c) a fund,

where the association, employer or fund holds the insurance policy exclusively for the benefit of a beneficiary;

"individual" in respect of the classes of insurance business, relates to an insurance policy entered into with a person (whether individually risk rated or underwritten on a group basis) and—

(a) includes—

(i) an insurance policy where a credit provider is the policyholder and the person in respect of whom the insurer should meet the insurance obligations, and the persons who are the lives insured under the policy are debtors of that credit provider;

(ii) an insurance policy where an employer is the policyholder and the person in respect of whom the insurer should meet the insurance obligations, and the persons who are the lives insured under the policy are directors or employees of that employer; but

(b) excludes—

(i) a group insurance policy; and

(ii) subject to *(a)*(i) and (ii), an insurance policy where the persons who are the life insureds under the policy are two or more persons without an insurable interest in each other;

"inflation" means any rate of inflation published by Statistics South Africa, or any successor body, from time to time;

BYLAE 2

KLASSE EN SUBKLASSE

In hierdie Bylae beteken—

"begin van die polis" die datum waarop 'n versekeringspolis tussen 'n versekeraar en 'n polishouer gesluit word;

"begunstigde"—

(a) in die geval van 'n versekeringspolis wat nie 'n groepversekeringspolis is nie—

(i) die persoon in die versekeringspolis vermeld of 'n persoon deur die polishouer benoem as die persoon ten opsigte van wie die versekeraar versekeringsverbintenisse moet nakom; of

(b) in die geval van 'n groepversekeringspolis—

(i) 'n lid van die vereniging of fonds, of 'n werknemer; of

(ii) 'n persoon benoem deur die lid in subparagraaf (i) bedoel ten opsigte van wie die versekeraar die versekeringsverbintenisse moet nakom, welke persoon nie die vereniging, fonds of werkgewer is nie;

"beleggingswaarde" die waarde van 'n versekeringspolis bereken as die opgelope basiese premium en beleggingsopbrengs gestel in of bepaalbaar uit die versekeringspolis minus aftrekkings waarvoor spesifiek in die versekeringspolis voorsiening gemaak word;

"enkelbedrag" 'n enkele gestelde bedrag geld;

"fonds"—

(a) ten opsigte van lewensversekeringsbesigheid—

(i) 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956);

(ii) 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956); en

(b) ten opsigte van nielewensversekeringsbesigheid, 'n mediese skema soos in artikel 1 van die Wet op Mediese Fondse, 1998 (Wet No. 131 van 1998), omskryf;

"gedeeltelik gewaarborg" waar sommige, maar nie alle nie, versekeringsverbintenisse kragtens 'n versekeringspolis teen die einddatum van die versekeringspolis of, ten opsigte van 'n annuïteit, by elke annuïteitspaaiement, by aanvang van die versekeringspolis—

(a) in die versekeringspolis gestel word nie minder te wees nie as 'n bedrag in Randterme; of

(b) in die versekeringspolis gestel of vasstelbaar daaruit nie minder te wees nie as 'n bedrag bereken met verwysing na 'n groeikoers gebruik in die berekening van die polis se beleggingswaarde of, in die geval van 'n annuïteitspaaiement, welke groeikoers in die versekeringspolis gestel is as 'n vaste opbrengskoers of gestelde opbrengs gekoppel aan inflasie oor die volle termyn van die versekeringspolis;

"gekoppel" waar die versekeringsverbintenisse kragtens 'n versekeringspolis—

(a) nie ten volle gewaarborg is nie of gedeeltelik gewaarborg is; en

(a) slegs bepaal word by verwysing na die waarde van sekere bates of kategorieë van bates wat in die versekeringspolis vermeld word en werklik deur of namens die versekeraar gehou word spesifiek vir die doel van die versekeringspolis, min die aftrekkings waarvoor spesifiek in die versekeringspolis voorsiening gemaak is;

"groep " ten opsigte van die klasse van versekeringsbesigheid, hou verband met 'n versekeringspolis afgesluit met—

(a) 'n outonome vereniging van persone wat vrywillig verenig het om hul gemeenskaplike of gedeelde ekonomiese en maatskaplike behoeftes en aspirasies (behalwe om versekering te kry) te vervul, welke vereniging demokraties beheer word;

(b) 'n werkgewer; of

(c) 'n fonds,

waar die vereniging, werkgewer of fonds die versekeringspolis eksklusief ten bate van 'n begunstigde hou;

"investment value" means the value of an insurance policy calculated as the accumulated basic premium and investment return stated in or ascertainable from the insurance policy, less deductions specifically provided for in the insurance policy;

"linked" means where the insurance obligations under an insurance policy are—

(a) not fully guaranteed or partially guaranteed; and

(b) determined solely by reference to the value of particular assets or categories of assets which are specified in the insurance policy and are actually held by or on behalf of the insurer specifically for the purposes of the insurance policy, less deductions specifically provided for in the insurance policy;

"lump sum" means a single stated sum of money;

"market related" means where the insurance obligations under an insurance policy are not partially guaranteed, fully guaranteed or linked;

"partially guaranteed" means where some, but not all, the insurance obligations under an insurance policy at the end date of the insurance policy or, in respect of an annuity, at each annuity installment, are at the start of the insurance policy—

(a) stated in the insurance policy to be no less than an amount in Rand terms; or

(b) stated in or ascertainable from the insurance policy to be no less than an amount calculated with reference to a growth rate used in calculating the policy's investment value or, in the case of an annuity, each annuity installment, which growth rate is stated in the insurance policy as a fixed rate of return or stated return linked to inflation over the full term of the insurance policy;

"start of the policy" means the date on which an insurance policy is entered into between an insurer and a policyholder;

"underwritten on a group basis" means where the risks covered under an insurance policy are rated based on the characteristics of a group of people together, as opposed to that of the individual or individuals to whom the policy relates.

"individu" ten opsigte van die klasse van versekeringsbesigheid, hou verband met 'n versekeringspolis wat met 'n persoon gesluit is (hetsy met 'n individuele risiko-aanslag of op 'n groepbasis onderskryf) en—

(a) sluit in—

(i) 'n versekeringspolis waar 'n kredietverskaffer die polishouer is en die persoon ten opsigte van wie die versekeraar die versekeringsverbintenisse moet nakom en die persone wat die versekerde lewens kragtens die polis is, skuldenaars van daardie kredietverskaffer is;

(ii) 'n versekeringspolis waar 'n werkgewer die polishouer is en die persoon ten opsigte van wie die versekeraar die versekeringsverbintenisse moet nakom en die persone wat die versekerde lewens kragtens die polis is, direkteure of werknemers van daardie werkgewer is; maar

(b) sluit uit—

(i) 'n groepversekeringspolis; en

(ii) behoudens *(a)*(i) en (ii), 'n versekeringspolis waar die persone wat die versekerde lewens kragtens die polis is, twee of meer persone is sonder 'n versekerbare belang in mekaar;

"inflasie" enige inflasiekoers van tyd tot tyd deur Statistieke Suid-Afrika, of enige opvolgliggaam, gepubliseer;

"markverwant" waar die versekeringsverbintenisse kragtens 'n versekeringspolis nie gedeeltelik gewaarborg, ten volle gewaarborg of gekoppel is nie;

"onderskryf op 'n groepbasis" waar die risiko's kragtens 'n versekeringspolis gedek gewaardeer word gegrond op die kenmerke van 'n groep mense saam, teenoor dié van die individu(e) met wie die polis verband hou; en

"ten volle gewaarborg" waar die totale versekeringsverbintenisse kragtens 'n versekeringspolis betaalbaar teen die einddatum van die versekeringspolis of, ten opsigte van 'n annuïteit, met elke annuïteitspaaiement, aan die begin van die polis—

(a) in die versekeringspolis in terme van Rande gestel word; of

(b) gestel word in of vasstelbaar is uit die versekeringspolis met verwysing na die groeikoers wat gebruik is by die berekening van die polis se beleggingswaarde of, in die geval van 'n annuïteit, elke annuïteitspaaiement, welke groeikoers in die versekeringspolis gestel word as 'n vaste opbrengskoers of gestelde opbrengs gekoppel aan inflasie oor die volle termyn van die versekeringspolis.

TABLE 1

CLASSES AND SUB-CLASSES OF INSURANCE BUSINESS

LIFE INSURANCE

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
1.	**RISK**	a.	Individual Death	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable on the happening of a death event
		b.	Individual Health	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable on the happening of a health event, which sum is not linked to the costs or services regulated under the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998), but includes any kind, type or category of contract identified by the Minister in regulations as an insurance policy that may be entered into under this class
		c.	Individual Disability — lump sum	Lump sum payable on the happening of a disability event
		d.	Individual Disability — recurring payment	Specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable on the happening of a disability event
		e.	Group Death	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable to a beneficiary on the happening of a death event

TABEL 1

KLASSE EN SUBKLASSE VAN VERSEKERINGSBESIGHEID
LEWENSVERSEKERING

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
1.	**RISIKO**	a.	Individuele sterfte	Enkelbedrag of, gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe, betaalbaar by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis
		b.	Individuele gesondheid	Enkelbedrag of gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe, betaalbaar by die voorkoms van ’n gesondheidsgebeurtenis, welke som nie gekoppel is aan die kostes of dienste gereguleer kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), nie, maar sluit enige soort, tipe of kategorie kontrak in wat deur die Minister in regulasies geïdentifiseer is as ’n versekeringspolis wat kragtens hierdie klas gesluit kan word
		c.	Individuele ongeskiktheid — enkelbedrag	Enkelbedrag betaalbaar by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis
		d.	Individuele ongeskiktheid — herhalende betaling	Gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe, betaalbaar by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis
		e.	Groepsterfte	Enkelbedrag of, gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae betaalbaar teen vasgestelde tydstippe; betaalbaar aan ’n begunstigde by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
		f.	Group Health	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable to a beneficiary on the happening of a health event, which sum is not linked to the costs or services regulated under the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998), but includes any kind, type or category of contract identified by the Minister in regulations as an insurance policy that may be entered into under this class
		g.	Group Disability—lump sum	Lump sum payable to a beneficiary on the happening of a disability event
		h.	Group Disability—recurring payment	Specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals to a beneficiary on the happening of a disability event
2.	**FUND RISK**	a.	Death	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals payable to a fund on the happening of a death event relating to a member of the fund for the purpose of funding in whole or in part the obligation of a fund to provide benefits to its members in terms of its rules, other than a policy relating exclusively to a particular member of the fund or to the surviving spouse, children, dependents or nominees of a particular member of the fund
		b .	Disability—lump sum	Lump sum payable to a fund on the happening of a disability event relating to a member of the fund for the purpose of funding in whole or in part the obligation of a fund to provide benefits to its members in terms of its rules, other than a policy relating exclusively to a particular member of the fund or to the surviving spouse, children, dependents or nominees of a particular member of the fund

KLAS		SUBKLAS		BESKRYWING
		f.	Groepgesondheid	Enkelbedrag of, gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld teen vasgestelde tydstippe, aan ’n begunstigde betaalbaar by die voorkoms van ’n gesondheidsgebeurtenis, welke bedrag nie aan die kostes of dienste kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), gekoppel is nie, maar sluit in enige soort, tipe of kategorie van kontrak deur die Minister in regulasies geïdentifiseer as ’n versekeringspolis wat kragtens hierdie klas afgesluit mag word
		g.	Groepongeskiktheid — enkelbedrag	Enkelbedrag aan ’n begunstigde betaalbaar by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis
		h.	Groepongeskiktheid — herhalende betaling	Gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld aan ’n begunstigde betaalbaar teen vasgestelde tydstippe by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis
2.	**FONDSRISIKO**	a.	Sterfte	Enkelbedrag of, gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld aan ’n fonds betaalbaar teen vasgestelde tydstippe by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis wat verband hou met ’n lid van die fonds met die doel om in die geheel of gedeeltelik die verpligting van ’n fonds na te kom om voordele aan sy lede te voorsien ingevolge sy reëls, behalwe ’n polis wat eksklusief verband hou met ’n bepaalde lid van die fonds of met die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van ’n bepaalde lid van die fonds
		b.	Ongeskiktheid — enkelbedrag	Enkelbedrag betaalbaar aan ’n fonds by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis rakende ’n lid van die fonds met die doel om die verpligting van ’n fonds na te kom om voordele ingevolge sy reëls aan sy lede te voorsien, behalwe ’n polis rakende ’n bepaalde lid van die fonds of aan die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van ’n sekere lid van die fonds

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
		c.	Disability—recurring payment	Specified or determinable equal or unequal sums of money payable to a fund at specified intervals payable on the happening of a disability event relating to a member of the fund for the purpose of funding in whole or in part the obligation of a fund to provide benefits to its members in terms of its rules, other than a policy relating exclusively to a particular member of the fund or to the surviving spouse, children, dependents or nominees of a particular member of the fund
3.	**CREDIT LIFE**			Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals to satisfy all or part of a financial liability to a credit provider— * on the happening of a death event, health event or a disability event; * in the event of unemployment, or other insurable risk that is likely to impair a person's ability to earn an income or meet credit obligations
4.	**FUNERAL**	a.	Individual	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals not exceeding an amount prescribed by the Prudential Authority to cover cost associated with a funeral or the rendering of a service on the happening of a death event
		b.	Group	Lump sum or, specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals not exceeding an amount prescribed by the Prudential Authority payable to a beneficiary to cover costs associated with a funeral or the rendering of a service on the happening of a death event

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
		c.	Ongeskiktheid—herhalende betaling	Gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld aan ’n fonds betaalbaar teen vasgestelde tydstippe by die voorkoms van ’n ongeskiktheidsgebeurtenis rakende ’n lid van die fonds vir die doel om in die geheel of gedeeltelik die verpligting van ’n fonds na te kom om voordele aan sy lede te voorsien ingevolge sy reëls, behalwe ’n polis wat uitsluitlik verband hou met ’n bepaalde lid van die fonds of aan die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van ’n bepaalde lid van die fonds
3.	**KREDIETLEWE**			Enkelbedrag of gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe om die geheel of ’n gedeelte van ’n finansiële verpligting aan ’n kredietverskaffer tevrede te stel— * by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis, gesondheidsgebeurtenis of ’n ongeskiktheidsgebeurtenis; * in die geval van werkloosheid, of ander versekerbare risiko wat ’n persoon se vermoë om ’n inkomste te verdien of kredietverbintenisse na te kom, kan belemmer
4.	**BEGRAFNIS**	a.	Individueel	Enkelbedrag of, gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrag betaalbaar teen vasgestelde tydstippe wat nie ’n deur die Voorsorgowerheid voorgeskrewe bedrag oorskry nie, om kostes vir ’n begrafnis of die lewering van ’n diens by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis, te dek
		b.	Groep	Enkelbedrag of gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar aan ’n begunstigde teen vasgestelde tydstippe wat ’n bedrag deur die Voorsorgowerheid bepaal nie oorskry nie, om kostes te dek wat met ’n begrafnis of die lewering van ’n diens by die voorkoms van ’n sterftegebeurtenis, gepaard gaan.

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
5.	**LIFE ANNUITIES**	a.	Guaranteed (fully or partially)	Specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals from the start of the policy, or a fixed or determinable date— * for the remainder of the life of the policyholder; or * to one or more dependants or nominees after the death of the policyholder
		b.	Market related	
		c.	With Discretionary Participation features	
6.	**INDIVIDUAL INVESTMENT**	a.	Guaranteed (fully or partially)	Lump sum or periodic payments payable— * on or from a fixed or determinable date, whether payable as a result of a life event, disability event or death event of a person or not; or * at the request of the policyholder
		b.	Market related	
		c.	Linked	
		d.	With Discretionary Participation features	
7.	**FUND INVESTMENT**	a.	Guaranteed (fully or partially)	Benefits provided for the purpose of funding in whole or in part the obligation of a fund to provide investment benefits to its members in terms of its rules, other than a policy relating exclusively to a particular member of the fund or to the surviving spouse, children, dependents or nominees of a particular member of the fund
		b.	Market-related	
		c.	Linked	
		d.	With Discretionary Participation features	
8.	**INCOME DRAWDOWN**	a.	Guaranteed (fully or partially)	Specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals from the start of the policy, or a fixed or determinable date linked to a life event until the value of the investment is exhausted; or a lump sum or specified or determinable equal or unequal sums of money payable at specified intervals equal to the remaining value of the investment to the estate, or one or more dependents or nominees after the death of the policyholder
		b.	Market related	
		c.	Linked	
		d.	With Discretionary Participation features	
9.	**REINSURANCE**	a.	Proportional in respect of a class or sub-class referred to above	
		b.	Non-proportional in respect of a class or sub-class referred to above	

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
5.	**LEWENS-ANNUÏTEITE**	a.	Gewaarborg (ten volle of gedeeltelik)	Gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae teen vasgestelde tydstippe vanaf die begin van die polis, of 'n vasgestelde of vasstelbare datum— * vir die res van die polishouer se lewe; of * aan een of meer afhanklikes of benoemdes na die afsterwe van die polishouer betaalbaar
		b.	Markverwant	
		c.	Met kenmerke van diskresionêre deelname	
6.	**INDIVIDUELE BELEGGING**	a.	Gewaarborg (ten volle of gedeeltelik)	Enkelbedrag of periodieke betalings betaalbaar— * op of vanaf 'n vasgestelde of vasstelbare datum, hetsy betaalbaar na aanleiding van 'n lewensgebeurtenis of sterftegebeurtenis van 'n persoon of nie; of * op versoek van die polishouer
		b.	Markverwant	
		c.	Gekoppel	
		d.	Met kenmerke van diskresionêre deelname	
7.	**FONDS-BELEGGING**	a.	Gewaarborg (ten volle of gedeeltelik)	Voordele voorsien met die doel om 'n fonds se verbintenis om beleggingsvoordele volgens sy reëls aan sy lede te voorsien ten volle of gedeeltelik te dek, behalwe 'n polis wat uitsluitlik verband hou met 'n sekere lid van die fonds of met die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n sekere lid van die fonds
		b.	Markverwant	
		c.	Gekoppel	
		d.	Met kenmerke van diskresionêre deelname	
8.	**INKOMSTE ONTTREKKING**	a.	Gewaarborg (ten volle of gedeeltelik)	Gespesifiseerde of vasstelbare gelyke of ongelyke bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe vanaf die begin van die polis, of 'n vasgestelde of vasstelbare datum gekoppel aan 'n lewensgebeurtenis totdat die waarde van die belegging uitgeput is; of 'n enkelbedrag of bepaalde of vasstelbare bedrae geld betaalbaar teen vasgestelde tydstippe gelyk aan die oorblywende waarde van die belegging aan die boedel, of een of meer afhanklikes of benoemdes na die afsterwe van die polishouer
		b.	Markverwant	
		c.	Gekoppel	
		d.	Met kenmerke van diskresionêre deelname	
9.	**HER-VERSEKERING**	a.	Proporsioneel ten opsigte van 'n klas of subklas hierbo genoem	
		b.	Nieproporsioneel ten opsigte van 'n klas of subklas hierbo genoem	

TABLE 2

CLASSES AND SUB-CLASSES OF INSURANCE BUSINESS

NON-LIFE INSURANCE

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
1.	**MOTOR**	a.	Personal lines	Covers damage or loss resulting from the possession, use or ownership of motor vehicles and other vehicles operating on land, excluding railway rolling stock and warranty business
		b.	Commercial lines	
2.	**PROPERTY**	a.	Personal lines	Covers damage to or loss resulting from the possession, use or ownership of property (other than classes 1 above and 3 to 8 below
		b.	Commercial lines	
3.	**AGRICULTURE**	a.	Personal lines	Covers damage or loss to crop, forestry, agricultural equipment, other agricultural activities and livestock
		b.	Commercial lines	
4.	**ENGINEERING**			Covers damage to or loss resulting from the possession, use or ownership of machinery or equipment; the erection of buildings or other structure; the undertaking of other works; or the installation of machinery or equipment, and includes loss of revenue
5.	**MARINE**	a.	Personal lines	Covers damage or loss resulting from the possession, use or ownership of vessels used on or in a river, canal, dam, lake or sea
		b.	Commercial lines	
6.	**AVIATION**	a.	Personal lines	Covers damage or loss resulting from the possession, use or ownership of aircraft or spacecraft
		b.	Commercial lines	
7.	**TRANSPORT**	a.	Personal lines	Covers damage or loss resulting from the conveyance, storage, treatment and handling of goods in transit, irrespective of the form of transport
		b.	Commercial lines	
8.	**RAIL**			Covers damage or loss resulting from the possession, use or ownership of railway rolling stock or related infrastructure
9.	**LEGAL EXPENSE**	a.	Personal lines	Covers any legal expenses and costs of litigation
		b.	Commercial lines	

TABEL 2

KLASSE EN SUBKLASSE VAN VERSEKERINGSBESIGHEID
NIELEWENSVERSEKERING

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
1.	**MOTOR**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies na aanleiding van die besit, gebruik of eienaarskap van motorvoertuie en ander voertuie wat op land bedryf word, behalwe spoorwegvoertuie en waarborgbesigheid
		b.	Kommersiële reekse	
2.	**EIENDOM**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies na aanleiding van die besit, gebruik of eienaarskap van eiendom (behalwe klasse 1 hierbo en 3 tot 8 hieronder)
		b.	Kommersiële reekse	
3.	**LANDBOU**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies aan oes, bosbou-, landboutoerusting, ander landbouaktiwiteite en lewende hawe
		b.	Kommersiële reekse	
4.	**INGENIEURS-WESE**			Dek skade of verlies na aanleiding van die besit, gebruik of eienaarskap van masjinerie of toerusting; die oprig van geboue of ander strukture; die onderneem van ander werke; of die installering van masjinerie of toerusting, en sluit verlies aan inkomste in
5.	**MARIENE**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies na aanleiding van die besit, gebruik of eienaarskap van vaartuie wat op of in ’n rivier, kanaal, dam, meer of see gebruik is
		b.	Kommersiële reekse	
6.	**LUGVAART**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies na aan-leiding van die besit, gebruik of eienaarskap van lugvaartuie of ruimtetuie
		b.	Kommersiële reekse	
7.	**VERVOER**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade of verlies na aanleiding van die vervoer, berging, behandeling en hantering van goedere in transit, ongeag die vorm van die vervoer
		b.	Kommersiële reekse	
8.	**SPOORWEG**			Dek skade of verlies na aanleiding van die besit, gebruik of eienaarskap van spoorwegvoertuie of verwante infrastruktuur
9.	**REGSKOSTE**	a.	Persoonlike reekse	Dek enige regskoste en koste van litigasie
		b.	Kommersiële reekse	

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
10.	**LIABILITY**	a.	Directors and officers	Covers liability to another person including liability provided for under the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993 (Act No. 130 of 1993)
		b.	Employer liability	
		c.	Product liability (including product guarantee and product recall)	
		d.	Professional indemnity	
		e.	Public liability	
		f.	Aviation	
		g.	Engineering (including environmental impairment liability)	
		h.	Marine	
		i.	Motor	
		j.	Rail	
		k.	Transport	
		l.	Personal	
		m.	Other	
11.	**CONSUMER CREDIT**	a.	Personal lines	Lump sum payable to satisfy all or part of a financial liability to a credit provider in the event of loss resulting from the possession, use, ownership or benefits of the goods or services supplied in terms of the credit agreement
		b.	Commercial lines	
12.	**TRADE CREDIT**			Covers loss resulting from the provision of export credit or agricultural credit or any other trade credit as a result of insolvency or any other event
13.	**GUARANTEE**			Covers loss resulting from- * insolvency; * the direct and indirect failure of a person to discharge an obligation; * suretyship offered as part of normal business activities, other than a guarantee issued by a Bank registered under the Banks Act, 1990

KLAS		SUBKLAS		BESKRYWING
10.	**VERPLIGTING**	a.	Direkteure en beamptes	Dek verpligting aan ’n ander persoon met inbegrip van verpligting waarvoor kragtens die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet No. 130 van 1993), voorsiening gemaak is
		b.	Werkgewerverpligting	
		c.	Produkverpligting (met inbegrip van produkwaarborg en produk-terugroeping)	
		d.	Professionele vrywaring	
		e.	Openbare verpligting	
		f.	Lugvaart	
		g.	Ingenieurswerke (met inbegrip van verpligting vir omgewingsverswakking)	
		h.	Mariene	
		i.	Motor	
		j.	Spoorweg	
		k.	Vervoer	
		l.	Persoonlik	
		m.	Ander	
11.	**VERBRUIKERS-KREDIET**	a.	Persoonlike reekse	Enkelbedrag betaalbaar om ’n gedeelte of die geheel van ’n finansiële verpligting aan ’n kredietverskaffer tevrede te stel in die geval van verlies na aanleiding van die besit, gebruik, eienaarskap, gebruik, eienaarskap of voordele van die goedere of dienste voorsien ingevolge die kredietooreenkoms
		b.	Kommersiële reekse	
12.	**BEDRYFS-KREDIET**			Dek verlies na aanleiding van die voorsiening van uitvoerkrediet of landboukrediet of enige ander bedryfskrediet na aanleiding van bankrotskap of enige ander gebeure
13.	**WAARBORG**			Dek verlies na aanleiding van— * bankrotskap; * ’n persoon se direkte en indirekte versuim om ’n verpligting na te kom; * borgstelling aangebied as deel van normale besigheidsaktiwiteite, behalwe ’n waarborg uitgereik deur ’n bank kragtens die Bankwet, 1990, geregistreer

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
14.	**ACCIDENT AND HEALTH**	a.	Individual— Personal lines	Covers costs or loss of income resulting from— * a disability or death event caused by an accident; or * a health event, other than costs or services regulated under the Medical Schemes Act, 1998, but includes any kind, type or category of contract identified by the Minister in regulations as an insurance policy that may be entered into under this class
		b.	Individual— Commercial lines	Covers costs or loss of income resulting from- * a disability or death event caused by an accident; or * a health event, other than costs or services regulated under the Medical Schemes Act, 1998, but includes any— — kind, type or category of contract identified by the Minister in regulations as a policy that may be entered into under this class; — an event covered under the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993 (Act No. 130 of 1993)
		c.	Group	Covers costs or loss of income of a beneficiary resulting from- * a disability or death event caused by an accident; or * a health event, other than costs or services regulated under the Medical Schemes Act, 1998, but includes any kind, type or category of contract identified by the Minister in regulations as a policy that may be entered into under this class

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
14.	**ONGEVALLE- EN GESONDHEID**	a.	Individueel — Persoonlike reekse	Dek kostes of verlies aan inkomste na aanleiding van— * 'n ongevalle- of sterftegebeurtenis deur 'n ongeluk veroorsaak; of * 'n gesondheidsgebeurtenis, behalwe uitgawes of dienste kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998, gereguleer, met inbegrip van enige soort, tipe of kategorie van kontrak in regulasies deur die Minister geïdentifiseer as 'n versekeringspolis wat kragtens hierdie klas afgesluit kan word
		b.	Individueel — Kommersiële reekse	Dek koste of verlies aan inkomste na aanleiding van— * 'n ongeskiktheids- of sterftegebeurtenis deur 'n ongeval veroorsaak; of * 'n gesondheidsgebeurtenis, behalwe kostes of dienste kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998, gedek, met inbegrip van enige— — soort, tipe of kategorie van kontrak in regulasies deur die Minister geïdentifiseer as 'n polis wat in hierdie klas afgesluit kan word; — 'n gebeurtenis gedek kragtens die Wet op Vergoeding vir Beroeps-beserings en -siektes, 1993 (Wet No. 130 van 1993)
		c.	Groep	Dek kostes of verlies aan inkomste van 'n begunstigde na aanleiding van— * 'n ongeskiktheids- of sterftegebeurtenis deur 'n ongeluk veroorsaak; of * 'n gesondheids-gebeurtenis, behalwe kostes of dienste kragtens die Wet op Mediese Skemas, 1998, gereël, maar sluit in enige soort, tipe of kategorie van kontrak in regulasies deur die Minister geïdentifiseer as 'n polis wat kragtens hierdie klas afgesluit kan word

CLASS		SUB-CLASS		DESCRIPTION
15.	**TRAVEL**	a.	Individual— Personal lines	Covers damage or loss resulting from— * cancellation, interruption, loss of property (including baggage), or other unforeseen events before, while and after travelling; * a death, disability or health event while travelling in a country in which the insured person is not ordinarily resident
		b.	Individual— Commercial lines	
		c.	Group	
16.	**MISCELLANEOUS**	a.	Personal lines	Covers damage to or loss resulting from a risk not addressed under any other class or sub-class referred to in this Table, which risk is approved by the Prudential Authority
		b.	Commercial lines	
17.	**REINSURANCE**	a.	Proportional in respect of a class or sub-class referred to above.	
		b.	Non-proportional in respect of a class or sub-class referred to above	

KLAS		**SUBKLAS**		**BESKRYWING**
15.	**REIS**	a.	Individueel — Persoonlike reekse	* Dek skade of verlies na aanleiding van -kansellasie, onderbreking, verlies van eiendom (ook bagasie), of ander onvoorsiene gebeure voor, gedurende en na ’n reis; * ’n sterfte-, ongeskiktheids- of gesondheidsgebeurtenis terwyl gereis word in ’n land waarin die versekerde persoon nie normaalweg woonagtig is nie
		b.	Individueel — Kommersiële reekse	
		c.	Groep	
16.	**GEMENGDE**	a.	Persoonlike reekse	Dek skade aan of verlies na aanleiding van ’n risiko wat nie kragtens enige klas of subklas in hierdie Tabel bedoel hanteer word nie, welke risiko deur die Voorsorgowerheid goedgekeur is
		b.	Kommersiële reekse	
17.	**HER-VERSEKERING**	a.	Proporsioneel ten opsigte van ’n klas of subklas hierbo genoem.	
		b.	Nieproporsioneel ten opsigte van ’n klas of subklas hierbo genoem.	

SCHEDULE 3

TRANSITIONAL ARRANGEMENTS

Definitions and interpretation

1. (1) In this Schedule, unless the context indicates otherwise—
"effective date" means the date fixed by the Minister in accordance with section 73(1) as the date that this Act comes into operation;
"previous Act" means the Long-term Insurance Act, 1998 (Act No. 52 of 1998), the Short-term Insurance Act, 1998 (Act No. 53 of 1998), or both, as the case may be; and
"previously registered insurer" means an insurer registered or deemed to have been registered under the previous Act.

(2) A reference in this Schedule to an item or a sub-item by number is a reference to the corresponding item or sub-item of this Schedule.

Repeal of matters prescribed under previous Act and savings

2. (1) Any matter prescribed by the Minister under a section of a previous Act in respect of the prudential supervision of insurers before the section was amended or repealed is hereby repealed, including Part 2 of the Regulations under the Long-term Insurance Act, 1998 (Act No. 52 of 1998), and Parts 2 and 3 of the Regulations under the Short-term Insurance Act, 1998 (Act No. 53 of 1998).

(2) Despite sub-item (1), any Regulations made under section 72(2A) of the Long-term Insurance Act, 1998 and section 70(2A) of the Short-term Insurance Act, 1998 prior to the repeal thereof by this Act must be regarded as having been made under section 69(1) of this Act and remains valid and enforceable until repealed or amended by the Minister.

Pending matters

3. Any matter relating to prudential supervision pending before the Registrar under the previous Act immediately before the effective date and not fully addressed at that time, must be concluded by the Prudential Authority in terms of that previous Act, despite its amendment.

Preservation and continuation of court proceedings and orders

4. (1) Any proceedings in any court in terms of the previous Act immediately before the effective date are continued in terms of that Act, as if it had not been amended.

(2) Any order of a court in terms of the previous Act, and in force immediately before the effective date, continues to have the same force and effect as if that Act had not been amended, subject to any further order of the court.

Continued investigation and enforcement of previous Act

5. Despite the partial repeal of the previous Act—

(a) any investigation or inspection under the previous Act by the Registrar in respect of compliance with the previous Act and pending immediately before the effective date, may be continued by the Prudential Authority, and the Prudential Authority may take any regulatory action under those Acts that the Prudential Authority deems appropriate in respect of any non-compliance; and

(b) for a period of three years after the effective date, the Prudential Authority may initiate an investigation or inspection under the Financial Sector Regulation Act in respect of any suspected non-compliance with the previous Act that occurred during the period of three years immediately before the effective date, and may take any regulatory action under those Acts that the Prudential Authority deems appropriate in respect of that non-compliance.

BYLAE 3

OORGANGSBEPALINGS

Woordomskrywing en uitleg

1. (1) In hierdie Bylae, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
"effektiewe datum" die datum ooreenkomstig artikel 74(1) deur die Minister vasgestel as die datum waarop hierdie Wet in werking tree;
"voorheen geregistreerde versekeraar" 'n versekeraar kragtens die vorige Wet geregistreer of geag geregistreer te gewees het; en
"vorige Wet" die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), of albei, na gelang van die geval.

(2) 'n Verwysing in hierdie Bylae na 'n item of 'n subitem volgens nommer is 'n verwysing na die ooreenstemmende item of subitem van hierdie Bylae.

Herroeping van aangeleenthede kragtens vorige Wet voorgeskryf

2. (1) Enige aangeleentheid kragtens 'n artikel van 'n vorige Wet deur die Minister voorgeskryf ten opsigte van die voorsorgtoesig oor versekeraars voordat die artikel gewysig of herroep is, word hierby herroep, met inbegrip van Deel 2 van die Regulasies kragtens die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), en Dele 2 en 3 van die Regulasies kragtens die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998).

(2) Ongeag subitem (1), moet enige Regulasies kragtens artikel 72(2A) van die Langtermynversekeringswet, 1998, en artikel 70(2A) van die Korttermynversekeringswet, 1998, gemaak voordat dit deur hierdie Wet herroep is, geag word kragtens artikel 69(1) van hierdie Wet gemaak te wees en bly geldig en afdwingbaar totdat dit deur die Minister herroep of gewysig word.

Hangende aangeleenthede

3. Enige aangeleentheid met betrekking tot voorsorgtoesig hangende voor die Registrateur kragtens die vorige Wet onmiddellik voor die effektiewe datum en wat nie op daardie tydstip ten volle hanteer is nie, moet deur die Voorsorgowerheid afgehandel word ingevolge daardie vorige Wet, ongeag die wysiging daarvan.

Preservering en voortsetting van hofverrigtinge en bevele

4. (1) Enige verrigtinge in enige hof ingevolge die vorige Wet onmiddellik voor die effektiewe datum word ingevolge daardie Wet voortgesit asof dit nie gewysig is nie.

(2) Enige hofbevel ingevolge die vorige Wet, en van krag onmiddellik voor die effektiewe datum, het steeds dieselfde regskrag asof daardie Wet nie gewysig is nie, behoudens enige verdere hofbevel.

Voortgesette ondersoek en afdwinging van vorige Wet

5. Ondanks die gedeeltelike herroeping van die vorige Wet—

(a) kan enige ondersoek of inspeksie kragtens die vorige Wet deur die Registrateur ten opsigte van voldoening aan die vorige Wet en hangende onmiddellik voor die effektiewe datum, deur die Voorsorgowerheid voortgesit word, en die Voorsorgowerheid kan ten opsigte van enige nievoldoening, enige regulerende stappe kragtens daardie Wette doen wat die Voorsorgowerheid gepas ag;

(b) vir 'n tydperk van drie jaar na die effektiewe datum, kan die Voorsorgowerheid 'n ondersoek of inspeksie kragtens die ''Financial Sector Regulation Act'' instel na enige vermoedelike nienakoming van die vorige Wet wat in die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die effektiewe datum plaasgevind het, en kan ten opsigte van daardie nievoldoening enige regulerende stappe kragtens daardie Wette doen wat die Voorsorgowerheid gepas ag.

Continuation of previously registered insurers

6. (1) As of the effective date, every previously registered insurer that was, immediately before that date, registered as a long-term insurer or a short-term insurer under the previous Act continues to exist as an insurer, as if it had been licensed under this Act, and may continue to conduct the insurance business for which it was so registered until its registration is converted to a licence under this Act during the period of two years referred to in subitem (2), subject to and in accordance with the governance, financial soundness, security, reporting and public disclosure obligations imposed under this Act.

(2) The Prudential Authority must, subject to subitem (4), within a period of two years after the effective date, convert the registration of all previously registered insurers to a licence in accordance with this Act.

(3) *(a)* The Prudential Authority must, within two months of the effective date, publish the process the Prudential Authority will implement to give effect to subitem (2).

(b) The process referred to in paragraph *(a)* must—

(i) be reasonable and fair;

(ii) allow for sufficient engagement with a previously registered insurer; and

(iii) among other matters, require the insurer to demonstrate that it has a plan to meet its stated commitments in terms of transformation of the insurance sector.

(4) *(a)* The Prudential Authority must convert the registration of a previously registered insurer to a license to conduct a class and sub-class of life insurance business or non-life insurance business referred to in Schedule 2 to the Act if the previously registered insurer, immediately prior to the effective date, were actively and prudently conducting insurance business similar to that class or sub-class of insurance business.

(b) Despite paragraph *(a)* and subject to any limitations relating to a type or kind or insurer or insurance business provided for in the Act, a previously registered insurer who applies for the conversion of its registration to a license to conduct—

(i) life insurance business must only be licensed to conduct a class or sub-class of life insurance business referred to in Table 1 of Schedule 2; and

(ii) non-life insurance business must only be licensed to conduct a class or sub-class of non-life insurance business referred to in Table 2 of Schedule 2.

(5) If the Prudential Authority does not convert the registration of a previously registered insurer to a licence to conduct insurance business in respect of a specific class or sub-class set out in Schedule 2 that is similar to the business that the previously registered insurer was registered for on the effective date because—

(a) the insurer did not immediately prior to the effective date conduct that insurance business; or

(b) of the application of subitem (4)*(b)*,

the Prudential Authority must direct the insurer to make arrangements to the satisfaction of the Prudential Authority to—

(i) discharge its obligations under all insurance policies entered into in respect of that class or sub-class before the conversion of that insurer's registration;

(ii) ensure the orderly resolution of that insurance business of the insurer; or

(iii) transfer that insurance business to another insurer under section 50 of this Act by a specified date.

(6) Section 23(5)*(a)* comes into effect six months after the date on which a previously registered insurer's registration is converted to a license.

Maintenance of financial soundness

7. (1) A previously registered insurer that immediately after the effective date fails to comply with the financial soundness requirements must submit a scheme or strategy referred to in section 39 of this Act to the Prudential Authority in accordance with that section, subject to that insurer holding capital of at least R10 million.

Voortsetting van voorheen geregistreerde versekeraars

6. (1) Met ingang van die effektiewe datum, bestaan elke voorheen geregistreerde versekeraar wat, onmiddellik voor daardie datum, as 'n langtermynversekeraar geregistreer was, voort asof dit kragtens hierdie Wet gelisensieer is, en kan voortgaan om versekeringsbesigheid waarvoor dit aldus geregistreer was te doen totdat 'n lisensie toegestaan of nie toegestaan word nie tydens die tydperk van twee jaar in subitem (2) bedoel, behoudens en ooreenkomstig die verbintenisse ten opsigte van beheer, finansiële gesondheid, effekte, verslagdoening en openbare bekendmaking wat kragtens hierdie Wet opgelê is.

(2) Die Voorsorgowerheid moet, behoudens subitem (4) binne 'n tydperk van twee jaar vanaf die effektiewe datum, alle voorheen geregistreerde versekeraars se registrasie na 'n lisensie ingevolge hierdie Wet omskakel.

(3) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet, binne twee maande vanaf die effektiewe datum, die proses wat die Voorsorgowerheid in werking sal stel om aan subitem (2) gevolg te gee, publiseer.

(b) Die proses in paragraaf *(a)* beoog, moet—

(i) redelik en billik wees;

(ii) voldoende skakeling met 'n voorheen geregistreerde versekeraar toelaat; en

(iii) onder meer vereis dat die versekeraar demonstreer dat die versekeraar 'n plan het om aan die versekeraar se gestelde verbintenisse tot die transformasie van die versekeringsektor na te kom.

(4) *(a)* Die Voorsorgowerheid moet die registrasie van 'n voorheen geregistreerde versekeraar omskakel na 'n lisensie om 'n klas en subklas van lewensversekeringsbesigheid of nielewensversekeringsbesigheid in Bylae 2 tot die Wet te dryf indien die voorheen geregistreerde versekeraar, onmiddellik voor die effektiewe datum, aktief en met voorsorg versekeringsbesigheid soortgelyk aan daardie klas of subklas van versekeringsbesigheid gedryf het.

(b) Ongeag paragraaf *(a)* en behoudens enige beperkings met betrekking tot 'n tipe of soort versekeraar of versekeringsbesigheid waarvoor in die Wet voorsiening gemaak word, moet 'n voorheen geregistreerde versekeraar wat aansoek doen om die omskakeling van die versekeraar se registrasie na 'n lisensie om—

(i) lewensversekeringsbesigheid te dryf, slegs gelisensieer word om 'n klas of subklas van lewensversekeringsbesigheid in Tabel 1 van Bylae 2 bedoel, te dryf; en

(ii) nielewensversekeringsbesigheid te dryf, slegs gelisensieer word om 'n klas of subklas van nielewensversekeringsbesigheid in Tabel 2 van Bylae 2 bedoel, te dryf.

(5) Indien die Voorsorgowerheid nie die registrasie van 'n voorheen geregistreerde versekeraar omskakel na 'n lisensie om versekeringsbesigheid in 'n spesifieke klas of subklas in Bylae 2 uiteengesit wat soortgelyk is aan die besigheid waarvoor die voorheen geregistreerde versekeraar op die effektiewe datum geregistreer was, te dryf nie—

(a) omdat die versekeraar nie onmiddellik voor die effektiewe datum daardie versekeringsbesigheid gedryf het nie; of

(b) weens die toepassing van subitem (4)*(b)*,

moet die Voorsorgowerheid opdrag gee dat die versekeraar reëlings ten genoeë van die Voorsorgowerheid tref om—

(i) sy verbintenisse kragtens alle versekeringspolisse wat voor die omskakeling van daardie versekeraar se registrasie afgesluit is, nakom;

(ii) die ordelike ontbinding van daardie versekeringsbesigheid van die versekeraar verseker; of

(iii) daardie versekeringsbesigheid teen 'n gespesifiseerde datum oordra na 'n ander versekeraar kragtens artikel 50 van hierdie Wet.

(6) Artikel 23(5)*(a)* word van krag ses maande na die datum waarop 'n voorheen geregistreerde versekeraar se registrasie na 'n lisensie omgeskakel is.

Onderhoud van finansiële gesondheid

7. (1) 'n Voorheen versekerde versekeraar wat onmiddellik na die effektiewe datum versuim om aan die vereistes vir finansiële gesondheid te voldoen, moet 'n skema of strategie in artikel 39 van hierdie Wet bedoel aan die Voorsorgowerheid voorlê

(2) Despite subitem (1), any reinsurance arrangement entered into with an insurer or reinsurer located in a foreign jurisdiction may continue until the previously registered insurer's registration under the previous Act is converted to a licence under this Act during the period of two years referred to in item 6(2) despite that foreign jurisdiction not having been determined by the Prudential Authority as equivalent.

Reporting

8. A previously registered insurer whose financial year end falls before the effective date, must, despite the effective date, comply with the reporting obligations imposed under this Act in respect of that financial year.

Key persons and significant owners other than representatives, deputy representatives of Lloyd's and trustees of Lloyd's trust

9. (1) Any person appointed as a key person and any significant owner of an insurer immediately before the effective date is deemed to meet the fit and proper requirements of this Act, subject to the requirements of this Act.

(2) Despite sub-item (1), the Prudential Authority may act in accordance with section 19 if the Prudential Authority reasonably believes that a key person or significant owner does not comply or no longer complies with the prescribed fit and proper requirements.

(3) The Prudential Authority must, when considering the conversion of the registration of a previously registered insurer—

(a) approve the directors and auditor of the insurer; and

(b) require the previously registered insurer to demonstrate and certify that its key persons (other than directors and auditor) and significant owners meet the prescribed fit and proper requirements.

Conducting of business other than insurance business inside Republic and conducting of any other business outside Republic

10. (1) As of the effective date, subject to subitem (3) below, every previously registered insurer that, immediately before that date, was conducting any business other than insurance business in the Republic or conducting any business, including business similar to insurance business, outside the Republic, may continue to conduct that business until its registration under the previous Act is converted to a licence under this Act.

(2) A previously registered insurer must, as part of the process referred to in item 6(3)*(a)* apply for approval to conduct—

(a) any business other than insurance business in the Republic, including any business performed on behalf of another person; or

(b) any business, including business similar to insurance business, outside the Republic.

(3) If the Prudential Authority does not approve the business referred to in sub-item (2), the Prudential Authority must direct the insurer to make arrangements to the satisfaction of the Prudential Authority to ensure the orderly resolution or transfer of that business of the insurer.

Lloyd's

11. (1) *(a)* The requirements of Part 8 of the previous Act continue to apply to Lloyd's and Lloyd's underwriters for a period of 18 months after the effective date.

(b) Any sections of the previous Act that did not apply to Lloyd's and Lloyd's underwriters prior to the amendment of that Act by Schedule 1 to this Act continues not to apply to Lloyd's and Lloyd's underwriters for a period of 18 months only after the effective date.

(2) Lloyd's must, within three months after the effective date, submit a plan to the Prudential Authority demonstrating how compliance with this Act will be achieved within 18 months after the effective date.

ooreenkomstig daardie artikel, onderhewig daaraan dat daardie versekeraar kapitaal van ten minste R10 miljoen hou.

(2) Ongeag subitem (1), kan enige heversekeringsreëling afgesluit met 'n versekeraar of herversekeraar in 'n vreemde jurisdiksie geleë, voortgaan totdat die voorheen geregistreerde versekeraar se registrasie kragtens die vorige Wet na 'n lisensie kragtens hierdie Wet omgeskakel word tydens die tydperk van twee jaar in item 6(2) bedoel, ongeag daarvan dat daardie buitelandse jurisdiksie nie deur die Voorsorgowerheid as gelykstaande bepaal is nie.

Verslagdoening

8. 'n Voorheen geregistreerde versekeraar wie se finansiële jaareinde voor die effektiewe datum is, moet, ongeag die effektiewe datum, voldoen aan die verslagdoeningsverpligtinge kragtens hierdie Wet ten opsigte van daardie finansiële jaar opgelê.

Sleutelpersone en beduidende eienaars behalwe verteenwoordigers, adjunkverteenwoordigers van Lloyd's en die trustees van die Lloyd's-trust

9. (1) Enige persoon as 'n sleutelpersoon aangestel en 'n beduidende eienaar van 'n versekeraar onmiddellik voor die effektiewe datum, word geag te voldoen aan hierdie Wet se vereistes vir geskiktheid en gepastheid, behoudens die vereistes van hierdie Wet.

(2) Ongeag subitem (1), kan die Voorsorgowerheid ooreenkomstig artikel 19 handel indien die Voorsorgowerheid redelikerwys van mening is dat 'n sleutelpersoon of beduidende eienaar nie voldoen aan of nie langer voldoen nie aan die voorgeskrewe vereistes vir geskiktheid en gepastheid.

(3) Die Voorsorgowerheid moet, by die oorweging van die omskakeling van die registrasie van 'n voorheen geregistreerde versekeraar—

(a) die direkteure en ouditeur van die versekeraar goedkeur; en

(b) vereis dat die voorheen geregistreerde versekeraar demonstreer en sertifiseer dat die versekeraar se sleutelpersone (behalwe direkteure en ouditeur) en beduidende eienaars voldoen aan die voorgeskrewe vereistes vir geskiktheid en gepastheid.

Dryf van besigheid behalwe versekeringsbesigheid in Republiek en dryf van enige ander besigheid buite Republiek

10. (1) Met ingang van die effektiewe datum, kan elke voorheen geregistreerde versekeraar wat onmiddellik voor daardie datum binne die Republiek enige besigheid behalwe versekeringsbesigheid gedryf het, met inbegrip van besigheid soortgelyk aan versekeringsbesigheid, buite die Republiek, vir 'n tydperk van twee jaar voortgaan om daardie besigheid te dryf totdat daardie versekeraar se registrasie kragtens die vorige Wet na 'n lisensie kragtens hierdie Wet omgeskakel word.

(2) 'n Voorheen geregistreerde versekeraar moet, as deel van die proses in item 6(3)*(a)* boedel aansoek doen om goedkeuring om—

(a) enige besigheid behalwe versekeringsbesigheid in die Republiek te dryf, met inbegrip van enige besigheid wat ten behoewe van iemand anders gedoen word; of

(b) enige besigheid, met inbegrip van besigheid soortgelyk aan versekeringsbesigheid, buite die Republiek te dryf.

(3) Indien die Voorsorgowerheid die besigheid in subitem (2) bedoel, nie goedkeur nie, moet die Voorsorgowerheid die versekeraar opdrag gee om reëlings ten genoeë van die Voorsorgowerheid te tref om die ordelike ontbinding of oordrag van daardie besigheid van die versekeraar te verseker.

Lloyd's

11. (1) *(a)* Die vereistes van Deel 8 van die vorige Wet is vir 18 maande vanaf die effektiewe datum steeds van toepassing op Lloyd's en Lloyd's-onderskrywers.

(b) Enige artikels van die vorige Wet wat nie op Lloyd's en Lloyd's-onderskrywers van toepassing was voor die wysiging van daardie Wet by Bylae 1 van hierdie Wet nie, gaan voort om nie op Lloyd's en Lloyd's-onderskrywers van toepassing te wees nie vir 'n tydperk van 18 maande slegs na die effektiewe datum.

(2) Lloyd's moet, binne drie maande vanaf die effektiewe datum, 'n plan aan die Voorsorgowerheid voorlê wat demonstreer hoe voldoening aan hierdie Wet binne 18 maande vanaf die effektiewe datum behaal sal word.

Insurance groups

12. A previously registered insurer that is part of a group of companies must, within two months of the effective date, notify the Prudential Authority thereof, and provide the Prudential Authority with detailed information on the structure of the group of companies, its holding company and intra-group transactions.

Delays and exemptions

13. The Prudential Authority, to facilitate the incremental implementation of this Act, may, by notice in the *Gazette*—

(a) delay the implementation of a provision of this Act for a transitional period not exceeding two years from the date when that section takes effect; or

(b) where practicalities require the progressive or incremental application of a specific provision of this Act, exempt any insurer, controlling company, key person or significant owner from that provision for a period and on conditions determined in the notice.

Versekeringsgroepe

12. 'n Voorheen geregistreerde versekeraar wat deel van 'n groep maatskappye is moet, binne twee maande vanaf die effektiewe datum, die Voorsorgowerheid daarvan in kennis stel, en die Voorsorgowerheid voorsien van breedvoerige inligting oor die struktuur van die groep maatskappye, sy beherende maatskappy en intragroep-transaksies.

Vertragings en vrywarings

13. Die Voorsorgowerheid, om die toenemende inwerkingstelling van hierdie Wet te vergemaklik, kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) die inwerkingstelling van 'n bepaling van hierdie Wet vertraag vir 'n oorgangstydperk van hoogstens twee jaar vanaf die datum wanneer daardie artikel van krag word; of

(b) waar praktiese oorwegings die progressiewe en toenemende toepassing van 'n spesifieke bepaling van hierdie Wet vereis, enige versekeraar, beheermaatskappy, sleutelpersoon of beduidende eienaar vrywaar van daardie bepaling vir 'n tydperk en op voorwaardes in die kennisgewing bepaal.